Al die leiers van 61 Meg verdien 'n DANKIE. Na Kmdt Smit se toespraak besef ek hoe professioneel julle was, julle het ons veiligheid altyd eerste gestel want veral in Angola moes julle "Pretoria" vele kere teen gestaan het........want julle motto was minimum lewensverlies. Baie dinge maak nou sin, hoe julle ons gedissiplineer het, laat oefen het, die hoë vereistes gestel aan die leierskorps by Bravo en professionalisme. Alles was gefokus dat ons slaggereed is vir die dag as die eerste skote klap en die bomme val.





Special Performance by Sharron Bateman





Johnny Bateman

Dankie Bravo.

Wat 'n voorreg om saam met die manne van Bravo komp te kon gekuier het. Robert, thanks for all the excellent arrangements and for honoring my family and me with the special invite. Dit was regtig 'n groot eer om tussen GROOT MANNE te kon gesit het. Dit het my heeltemal ontnugter toe ek besef ek sit in die geselskap van regte egte Suid Afrikaanse legendes, dit was vir my n groot eer om met Bok Smit, Dawid Lotter en Jaap Steyn 'n bietjie te kon gesels het. My jongste dogter het die dag perfek beskryf toe sy op pad terug huistoe sê: "Dad this was a most satisfying experience".



Die Oorsprong van "Die Lomba Battle Song" Sharron Bateman

In my jonger jare as 'n kind het my Pa nooit regtig gepraat oor die Suid-Afrikaanse Grensoorlog nie, en natuurlik is ons nie in skool oor die ware gebeure van die oorlog onderrig nie. Dit was net tot 'n paar jaar gelede dat my Pa regtig meer vrylik begin praat het oor hul ervaring. Ek was baie geboei en soort van geobsedeer oor die Grensoorlog, en Covid-19 het die perfekte geleentheid geskep om die gebeure van meer spesifiek 61 Meg en Operasie Modular in 1987 te ondersoek. Na 'n geselsie met my pa een dag, het hy vir my verduidelik dat die lied "Starry Starry Night" hom altyd aan die Groot Slag op 3 Oktober 1987 op die Lomba-rivier herinner het.

Sy verduideliking aan my was dat die nag voor die 61 Meg geveg, het hy en sy bemanning onder hul Ratel gelê het en na 'n radiostasie genaamd Orion geluister het, wat deur Robin Alexander aangebied was, en die liedjie toe deur die lugtogte gespeel is en in sy kop bly hang het. Met 'n passie vir sing en musiek het ek besluit om die lirieke van "Starry Starry Night" te herskryf om die gebeure van 3 Oktober 1987 aan te vul en hom te verras met 'n Vaderdag-geskenk. Ek het toe op 'n soektog gegaan om soveel moontlike inligting oor die gebeure van 3 Oktober 1987 in te samel om die storie in die liedjie te vertel. Die soektog na inligting het gelei tot baie dae en nagte vol trane, waar ek besef het nie net die prestasie nie, maar die impak wat hierdie dag op baie jong seuns se lewens gehad het.

Die hooflyn van die storie beskryf jong seuns met relatief jong bevelvoerders wat die bykans onmoontlike bereik het, en ook hoe jong seuns binne die ruimte van 24 uur mans geword het en moes leer om die nagevolge van oorlog te hanteer, en tog vandag nog nie erkenning gekry het nie. Ek moet beklemtoon dat hoewel hierdie lied oor die gebeure van 3 Oktober 1987 gaan, dit beslis toegewy is aan elke veteraan soldaat asook vyandelike soldate wat die uiterste opoffering moes bring en ook met die nagevolge van oorlog moes leer omgaan. Ter voltooiing is my uiteindelike doel met hierdie liedjie om aandag aan die wêreld te gee dat die Suid-Afrikaanse Greensoorlog wel gebeur het.



The Lomba Battle Song - Lyrics

Starry starry night
They marched on through the grey and blue
Looked out on a summer's day
With eyes that know the darkness in their soul
Shadows in the trees
Sketched the tanks and enemy
Caught the fear of what could be
Lay hidden in the forest land


Now I understand
What you tried to say to me
And how you suffered for your sanity
And how you tried to set them free
We would not listen, we did not know how
Perhaps we'll listen now

Stormy stormy day
Flaming guns that brightly blaze
Swirling clouds of gun smoke haze
Reflect in Adrian's eyes of China blue
Young lives changed forever gloom
Ultimate prices paid
Weathered faces lined in pain
Is all that's left for them to bare

Now I understand
What you tried to say to me
And how you suffered for your sanity
And how you tried to set them free
We would not listen, we did not know how
Perhaps we'll listen now

For they could not love you
But still your love was true
And when the hope was left in sight
On that stormy stormy day
You gave your life as soldiers Often do
But I Could've told you, Adrian,
This world was never meant for one as beautiful as you

Starry starry night
No portraits hung in halls of fame
Nameless heads on nameless walls
That bore brunt of this bloody war
Like strangers never met
These ragged boys in ragged clothes
Their lives in a bloody mess
Lie crushed and broken on this marshy floor





Verkorte weergawe van *Roané Snyman* se verhaal oor die Bravo 35 jaar reűnie en die daaropvolgende toer na die slagveld aan die Lomba (Modular 1987).

Opgedra aan Pappa Johan Pretorius.

Hierdie is 'n gedagtewêreld van 'n meisie wat toer na Angola. Die Lomba toer waar die 61 Meg Bravo Kompanie teen Fapla, 35 jaar gelede geveg het. Dit is nie geskryf vir feite of historiese gebeure nie. Hierdie is 'n hart vol emosie neergepen in dankbaarheid en trots. Hierdie is 15 dae se gebeure uit my perspektief as 'n "Born of 61" meisiekind wat haar Pa nog altyd sien as haar held.

"Op Soek na jou Held se Voetspore".

Stories

Ek was in die Hoërskool toe ek sy weermag foto's in die kas vind. Ek onthou hoe die een my heeltemal verwonder het, dis my pa en nog twee seuns. Ek bedoel seuns, want hierdie jong gesigte was verseker nog nie manne nie. Hulle swem, maar daar is 'n skerpheid in my pa se oë en 'n erns op sy gesig. Ek het Pappa met vrae oorval. Hy het geduldig geantwoord.

Dis Cool, hoe oud was Pappa?" rol die vrae weer uit. "19, dink ek" die ligte fronsie verander in 'n glimlag soos ek styf langs hom gaan sit en saam kyk. "Dit is Cool, sê jy?" vra hy nou laggend.

Dit was die begin, die begin van die stories. Ek was veertien jaar oud maar daardie gesprek met hom sal ek nooit vergeet nie. Hierdie was 'n tydperk in my pa se lewe wat hom vir altyd sou verander. Hierdie was iets waaroor hy geen beheer of keuse gehad het nie. Hierdie was die oorsaak van 'n kort humeur, kwaai en gefrustreerde man, maar ook die karakter van 'n hardwerkende, lojale Pa.

Soos die stories, seremonies, mense en foto's oor die jare meer geword het en makliker gedeel was, so ook het my emosies rondom my pa se weermag verhale gevorder vanaf "cool" na bewondering, kwaad, gefrustreerd, respek en ongelooflike trots! Trots in my geboorte van, trots in my ouers en dit wat hulle deur gemaak het, trots om hom te ken, trots om sy dogter te wees. Trots op hom, vir dit wat hy oorkom het.

9 September 2022

Die dag het aangebreek! Vandag vlieg ek van King

Shaka Lughawe in Durban na Lanseria aan die Rand. Hoe geseënd is ek nie?! My man gun my die ervaring van 'n leeftyd! 'n toer na Angola, 'n toer na die Lomba, die plek waar my Pa, my held, my eerste liefde - geveg het vir 61 Meg Bn Gp in Bravo Komp in Ratel 23C.

23 Charlie! Ek glimlag altyd as ek hom dit hoor sê. Soos ek teen die tyd al goed ontsyfer het, was die jong manne in Ratel 23C nie van die soetste nie. My pa lag altyd as hy my vertel hoe Majoor op hulle gegil het. Hy vertel watter stout gat oom Vann, hulle Ratel drywer was. Ek onthou toe ek hom ontmoet het vir die eerste keer, "hy's steeds 'n stout gat" het ek gedink toe hy so skuins vir my pa glimlag en sê "Pretoors!"

10 September 2022

Legendes by Nampo

Dit was nogal intimiderend om in 'n generasie van helde in te stap. Wanneer jy verby hierdie ooms in Checkers sous tap, sal jou eerste gedagte nie wees dat jy verby 'n troep stap nie. Die jare wys nou op hulle gesigte, en die elke dag oorlog wat ons almal moet veg het dalk al hier en daar 'n dag of twee gewen. Maar wanneer jy so in 'n vertrek inloop, waar hulle met trots hulle Bravo Kompanie hemde dra, mekaar groet asof hulle gister nog agtien jaar oud was. Soos hulle begin stories vertel en details onthou, kan jy nie help om die "hierdie is my broers" atmosfeer te voel nie.

Ten spyte van wat voor of na die Lomba geveg gebeur het, hierdie groep mense, verstaan mekaar op 'n vlak wat werklik geestelik moet wees. My pa sê altyd hy kan dit nie beskryf nie. Ek blameer hom ook nie, hoe sit jy so iets in woorde. 'n Begrip, 'n verstaan, 'n konneksie wat werklik net daar in jou binneste groei. Die saadjie was so intens geplant, dat die rankplant teen die tyd in elke deel van jou menswees kan blom. Dis vreemd vir my, maar beeldskoon. Dit wat hulle bereik het, is beeldskoon. Ek praat nie noodwendig van die oorlog nie, maar van die menswees wat besluit het om daarna, steeds te leef.

Ek klim uit my gedagtes uit soos ek langs my ma aan tafel sit en luister na stories van die vroue wat met hierdie rowwe diamante moet huis hou. Ek gaan haal my 61 Meg boek wat my pa vir my geskenk gegee het. Ek het beplan om die manne te vra om dit vir my te teken. My pa moes natuurlik eerste teken, vir my bly hy die hoof karakter.

Dan, moet ek moed by mekaar skraap om die skrywer homself te gaan vra. Majoor Dawid Lotter. My hande het gebewe en ek het vreeslik gebabbel. Dis vreemd. Ek het nog net stories gehoor, hoe streng hy was, hoe erg hy was, maar ook hoe dit aan hom te danke aan was dat hulle lewendig daar weg gekom het. Hier staan die ou oom met wit baard voor my. Ek het sy stories gelees, daaroor het ek groot respek. Maar om my pa te hoor praat van iemand met soveel gesag, hy het steeds, soveel respek, dis wat van hom vir my 'n legende maak.

Later die middag begin die formele verrigtinge en soos altyd word die "gone but never forgotten" dog tags van troepe oor die kruis gehang. My Pa hang JB Pieterse sin, hy was ook 'n Skutter. Ek is so ongelooflik trots en vol vreugde, want die dag as Johan Pretorius se dog tag oor die kruis geplaas sal word, weet ek waar hy sal wees. My pa het nog altyd baie vriende, maar God is verseker sy beste een.

Kommandant Bok Smit se toespraak begin en hy gee vir ons so bietjie agtergrond, waar hy vandaan kom en wat met hom gebeur het. Wat sy rol was en wat die doel van die operasie was. "Hy klink net soos op die videos" het ek by myself gedink, weereens bietjie "star struck". Hy vertel van die strategie agter die operasies en deel staaltjies oor die opleiding. Hoe hy voor sy troepe gestaan het en hulle met sy lewe vertrou het, nes hulle hom moes vertrou het met hulle lewens. Hv vertel ook die storie van die oomblik waar hy besef het "Ons het gewen". "Dit was 'n bebosde area" verduidelik hy "en vir die volgende 1200 meter was daar niks, tot by die volgende bebosde area, dis 'n oop ruimte en hier en daar sal jy 'n klein boompie sien." (Dit was die vloekvlakte waarna hy verwys en hy vertel dat die 47ste Brigade hulself op 'n punt bevind het, waar hulle besef het, die enigste kans vir oorlewing is om hul wapens te los en te hardloop) My hart sink en my kop is oorvol. Besef hierdie mense wat die' man vir hulle sê? Hoor hulle die punte wat uitgelig word deur hulle Kommandant? Eerstens, julle het gewen! Die doelwit is bereik. Jy is suksesvol! Tweedens, daar is 'n verskil tussen oorlog en moord! Besef julle 35 jaar later, dat dit alles okay is? Julle is nie slegte mense wat verkeerde dinge gedoen het nie. Julle was soldate wat dood eenvoudig 'n opdrag uitgevoer het en 'n doel bereik het.

Kommandant vertel verder en verduidelik die onnodige en belaglike politiek na die Lomba gevegte.
Hy was self kwaad omdat die militêre doel nou verander het en het in opstand gekom daarmee. Hy verduidelik dat 61 Meg na die geveg, "grootkop" gekry
het, en dat dit hulle ondergang was na 1987.
Ek kyk op na my pa wat hier langs my sit, môre begin
ons met die toer na die Lomba. My trane lê reeds vlak,
maar ek kan nie wag om die voetspore van my held te
verken nie.







Die Begin van die Avontuur

11 September 2022

20 Mense, 9 voertuie vertrek vanaf die Nampo gronde. Daar is opgewondenheid in die lug. By ons eerste stop het ons 'n vinnige groet en ontmoet, die manne klets klaar asof hulle die 1ste rugby span op toer is, maar vir ons girls is hierdie eerste ontmoeting baie belangrik. Jy weet, vir die volgende 2 weke gaan hierdie vroue jou beter ken as wat meeste van jou familielede jou ken. Dis hulle wat jou gaan sien met vuil deurmekaar hare, sonder "make up" en dood moeg. Dis hulle wat jou gaan aanwys na die grootste naaste bossie om gou 'n veldjie te vang. Dis hulle wat met jou gaan toilet papier deel en jou gemoed gaan hoog hou. Tussen die "band of brothers", moes ons gou 'n "cheerleader supporting group" stig.

So kom ons by die Botswana grenspos aan. Daar moet elkeen hul skoene af vee aan 'n nat matjie. Die matjie lyk soos 'n ou vuil bruin kombersie wat iemand gister ontdek het uit Noag se ark, steeds nat van al die vloed water. Ons giggel oor die nuttigheid wat werklik geen doel het of sin dra nie want jou skoene is vuiler na die af vee. Tog, laat dit my dink aan die groot koppe, die regering, President en wie ook al die besluite geneem het 35 jaar terug. Hierdie mense wat opdragte uit gedeel het en daarna hulle hande so gerieflik in onskuld af gevee het. Ek verbeel my die mens, in pak gekleë, sy hande was met 'n lappie wat lyk net soos die vuil matjie, maak nie saak hoe jy vee, vryf of skrop nie, dit word net vuiler. In my gedagtes sê ek aan hulle:"Hoe ek wens jy kon hierdie manne sien vandag, my pa ontmoet. Hoe ek wens jy, wie jy ookal was kon dié' toer saam met ons aanpak... want dalk, net dalk as jy toe geweet het wat jy nou weet, sou jou bevele dalk anders geklink het."

Ons arriveer in Kang, Botswana net voor die son heeltemal sak. Daar by die Ultra Stop garage is 'n hotel en kampeer plek. Ons besluit om in te boek,



en trek laer onder die boompies. Daar is klein badkamertjies, so ons kan warm stort en lekker slaap. Die vreugde dat ons nog nie 'n veldjie hoef te vang nie is groot en sommer net lekker. "Ooo jipeee, ek kan lekker sit en piepie" hoor ek my ma giggel en geniet haar vreugde in die oomblik.

Die aand om die vuur gesels die groep en oom Herman sluit die eerste dag lekker af soos hy vir ons elkeen 'n shot glasie bring, met iets wat verseker jou asem weg slaan. "Cheers op 35 jaar later en ons gaan wragtig terug", lag hy. "Cheers" sing ons in 'n koor.





12 September





Ons vertrek vroeg uit Kang en gaan oor die Botswana grens Namibia binne. In Tsumeb besoek ons die Minen Hotel. Ons kry die geleentheid om ietsie te drink, en ek word vertel dat die jong manne soms hierheen gekom het as hul kon, om aankope te doen en natuurlik ietsie te kom drink en sosiaal te wees. Pappa vertel dat dit die groot koppe was wat hier heen gekom het, hulle het 'n ander "local hotel" besoek. Maar daar in die kroeg area van die Mine Hotel, is 'n 61 Meg plaatjie 2 bekers en ons sit ons vlaggie ook by. Ons besoek ook die Otjikoto meer en die Hoba meteoriet.

Dit raak laat en ons sien die son al hoe vinniger sak. Die groep trek af langs die pad vir een van die bekende "Vroue links, Mans regs" -piepie geleenthede en Oom Johan Kooi ry in by die plaas wat behoort aan Gert & Ina Steyn, so sê die bordjie en ons wag om te hoor of die ons volgende kamp plek sal wees, iets waarvoor almal hoop, omdat die manne nou al moeg gery is en dit nog vroeg genoeg is om saam 'n lekker vuur aan te steek. Terwyl ons wag, tempteer oom Herman en die mannetjies volstruis mekaar, elk spog dans aan sy kant van die heining. Die lag word sommer nog meer toe ons hoor ons kan in die' volstruis kamp gaan oornag.

Almal trek in en begin tent opslaan, ek sukkel met die drone wat ons saam gebring het, en na hy die tweede keer op die grond val en ons hom uit die doringboom moes haal, sit ek hom liewer weg. Die son begin nou verdwyn en tot my verbasing, kom die groep nie by mekaar nie, maar vorm so twee of drie kleiner groepies wat elk hul eie ding doen. Dit moes my seker nie verbaas nie, want daar is 'n onderliggende "Skoolkamp" gevoel aan die toer.

Ons begin die dag vroeg. Oom Ockie speel weer die liedjie van Calum Scott, "Rise" soos hy elke oggend doen. Ek dink dis die mees toepaslike liedjie vir die toer!





For every valley, there's a mountain
For every answer, there's a new question
Is it worth all this?
I'm pushing myself to the edge

'Cause we're all looking for a reason
Find a shelter from the storm within
Just keep your eyes ahead
And dust yourself off again

13 September

Oshikango

Ons arriveer by die grenspos van Angola. Soos ons uit Namibië ry, verbaas die luukse, skoon en amper tronk-agtige groot grys gebou my. Die gebou is nuut, mooi, luuks, hoog, goed in stand gehou en nogal intimiderend. Tog, die mense wat daar wag om groente en vrugte te kry lyk vervaal, arm, kaalvoet en kyk ons aan met oë wat weet jy is nie van hier af nie. Van rykdom tot brand arm in 'n oomblik, dis 'n A tot Z Angola.

Die weermag manne wat ons hier ontvang, is nie gekleë in uniform nie. Ekhet eers gedink dis vreemdelinge wat so in ons persoonlike spasie kom inklim.



Totdat die tolk woorde vertaal wat min of meer soos reëlings klink. Ons word gesê om in die 'groot gebou in te gaan, nadat daar foto's van elke bakkie, waentjie, nommer plaat en lisensie skyfie geneem is. Elke papier vyf keer bestudeer is en elke gesig bevestig is deur die voorman. Ons word bekyk, veral Marizaan met haar pragtige blonde hare. "Dis seker baie vreemd vir hulle" sê een van die dames. Ek bekyk die 'vroue met swaar gelaaide mandjies op hulle koppe en jong babas op hulle heupe self vreemd aan. - Hulle is 'n ander tipe sterk-, besluit ek.

Binne die grys gebou staan ons in 'n lang ry en neem dan fotos. Ons wag seker nog vier ure voor ons uiteindelik in die voertuie klim. Ons ruil geld by die grens pos terwyl ons wag dat al die papier werk goedgekeur word.



Ons moet nou aan die regterkant van die pad ry. Dit voel bietjie vreemd. "Pappa is pa seker hierdie is nie 'n Piet Retief situasie nie? Pa weet, die hele lokval, maak jou dood ding." ek kan sien my ma vermoed vreesend die selfde soos haar groot blou oë ook vir hom kyk, soekend na veiligheid in sy woorde.

Hy lag so bietjie voor hy antwoord, "Nee my kind, jy sal sien, hierdie mense dra ons op hulle hande, kyk die weermag ry voor ons, onthou alles is vooraf gereël vir ons."

"Daar is 'n tekort aan diesel, kyk hoe staan hulle in rye. Maar ons ry net verby, want die weermag het vir ons so' gereël. Hier los jy jou kar oop, met alles daar in, selfoon, beursie, alles, en hulle sal niks vat nie, hulle sal kyk maar niks vat nie. As jy hier steel, kap hulle jou hand af." Sy woorde stel ons gerus, maar ons ontspan eers toe ons die' situasie beleef by die petrol stasie.

Ons almal kry brandstof, die son sak nou al en dis laat skemer, dan ry ons deur die dorp, agter die voorman aan oppad na ons slaap area toe, of so het ek gedink. Ek kan dit nie glo nie, vir 'n stad met so veel mense, is dit vreeslik skoon, behalwe vir dit, die hele hoofweg is verlig met straat ligte, solar - straat ligte. Dit is modern en mooi en netjies en in stand gehou.

In Suid Afrika het ek seker hele strate met werkende ligte gesien toe ek 7 jaar oud was, dit was in 2002. "Hulle sal sonpale by ons steel" sê my ma. "Ek dog Angola is 'n arm land" sê ek heeltemal onkant gevang. "Nee" glimlag my pa, trots op ons verbasing, "Angola het groot olie myne, van die grootstes in die wêreld, julle sal sien, die land is ryk, die regering en die hoë mense, maar die volk, die mense, het niks."

Ons ry toe nie dadelik na ons slaap plek nie, maar eers om een of ander belangrike persoon te ontmoet. Ons stop en wag vir 'n hele ruk. Ons hoor dat die reeling verander het. Niemand weet regtig wat aangaan nie, almal is moeg, maar gelukkig om in Angola te wees. Die manne kon dalk 'n oorlog wen maar hulle kommunikasie vaardighede is vreeslik swak, dink ek by myself.



Ons ry weer terug van die kant af waarvandaan ons gekom het, bewonder weer die straat ligte en skoon paaie en arriveer uiteindelik in die pik donker by ons slaap plek. Die grond pad hierheen was erg. Ek het geen idee waar ek is nie, die grond is sanderig en vol dorings. Ons trek weer in 'n laer en slaan kamp op. Almal maak gou vinnig aand ete en gaan bed toe.

14 September

Oogies Vallei

Vroegoggend is ons op, en daar is niks beter as daai koppie koffie nie, maar vanoggend het die manne vir ons die stort aan mekaar geslaan en ek en my moedertjie was nog nooit so in ons noppies met 'n vinnige was nie. Ons weet steeds nie waar ons is nie, maar ons sien in die daglig dat ons nie te ver van 'n paar "local" huisies af bly nie en arme Ruan se privaatheid in die veld word toe sommer heeltemal bietjie minder privaat.

Cassinga

Vanoggend stop ons by 'n area waar die aanval op van ons mense na my pa-hulle nogal sleg uitgedraai het. Die geboue vertel 'n storie van oorlog. Jy kan sien hoe dit geskiet was soos dit tussen mens en koeël gestaan het. Die 'lyk werklik soos 'n film. Ek raak met my vingerpunte aan die mure en kry hoedervleis oor die stories wat die stene kan vertel. 'n Entjie verder sien ons ook 'n bom gat. As ek reg verstaan, was die bom op die



verkeerde plek vry gelaat en het dit ons meer skade aan gerig as goed. "Niemand wen met oorlog nie" klink die woorde weer in my gedagtes op. Ons besoek ook die plaatjie wat 61, hier onder die boom opgerig vir die onthou van die mense.

Ek kan nie help om te wonder wat ek sal doen as oorlog nou in my land uitbreek nie. Ek weet nie hoe ek sal reageer nie. My alter ego sal natuurlik nie 'n bang haar op haar lyf hê nie, maar dis net fiksie. My hart sal vrees vir my mense en ek besef weer dat die Here die enigste wen is. My land voel reeds soos 'n oorlogs veld en my enigste wapen is gebed. "Kom red ons Here, asb" bid ek in my hart soos ek kyk na die bom gat in die grond.

Die Avontuur onderweg na Menongue

Die plan is om vandag vanaf Casinga tot by Menongue te ry. Die pad was wel glad nie regtig pad nie. Ons verloor vroeg dag die agterste linker wiel van die bakkie, na ons op, om en langs 'n pad gery het, wat blykbaar nog pad moet word. Die groot skerp klippe moes die wiel gesny het, want dit is heeltemal vlenters. Hierdie is al die derde wiel wat bietjie hulp nodig het op die toer, maar dis die eerste een wat nie net 'n "plug" nodig het nie. 'n Paar manne klap saam en 1-2-3 is die wiel geruil. Ek vermoed as hulle saam kon oorlog voer kan hulle saam 'n wiel ruil.

Die pad raak nie beter nie, en ek is nou 100% oortuig dat die nie 'n pad is nie. My pa is bekommerd oor die spaar wiel, want ons het net die een. Oom Rob kry die details van die wiel oor die radio (toe hulle weer in opvangs afstand was) en reël solank vir 'n spaar wiel in die volgende dorp. Ons moet net daar uitkom. Ons ry lank en vêr. Ek sit weer voor langs hom en gesels oor alles onder die son. Mamma vat 'n rus kansie. Dis



'n stewige opdraande wat ons nou uitklim, na ons so bietjie verdwaal het en toe oor die riviertjie gery het, almal heel in bewondering met die klein motorfietsies wat so maklik hier tussen die grasdak huisies deur ry.

Ons klim die skuinste uit en dan hoor ons dit, "Pppfffttt" - dis die spaar wiel. My Pa trek handbriek op en klim uit, dis presies waarvoor ek bang was, nou is ons gestrand. "Agge, nee" laat sak my ma haar kop in haar hande. "Ek laat weet op die radio, dat ons weer 'n pap wiel het, en nou nie verder kan ry nie" Oom Johan Kooi laat weet dat hy en oom Cornie so lank aan ry, oom Rob reël 'n wiel. Die konvooi agter ons stop almal en besluit om daar by ons te bly. Die ding is, ons Pretorius motor is die enigste Volkswagen Bakkie tussen die ander Toyota's en Land Cruisers, dit beteken dat ons wiele heeltemal anders is as die ander, daarom kan ons ook nie 'n spaarwiel leen nie.

Die groep besluit om by ons te bly, Oom Ockie, besef dat Pappa nou negatief is en dat hy tot redding sal moet kom. Hy sal ry tot in die naaste dorp en die wiel kry en terug bring. Oom Herman, haak ons sleepwa en ry saam, hulle moet minstens 2 voertuie by mekaar bly. Ons weet nie hoe ver die dorp is nie en het nou geen kontak met die res van die groep nie. Dis Oom Theuns en sy vrou, tannie Erika wat my gemoed lig met hul positiewe uitkyk en vreugde in avontuur. Hy is reg om te braai en gooi dadelik ietsie koud in sy glas. Die gemeeskap rondom ons is groot en daar is weer 'n 100 paar ogies wat ons fyn dop hou, van elke kant. Hulle staan almal daar, groot - klein, jonk - oud, man- vrou.

"Dis bietjie scary" sê ek bekommerd. "Nee wat" sê tannie Erica, hulle sal jou niks maak nie. "Julle moet verstaan" verduidelik ek. "Julle maak ons groot, om altyd bewus te wees van wat om ons aangaan, ons word groot in 'n land waar jy onveilig voel om alleen te wees, nou bring julle ons hier in Donker Afrika in, hier in die middel van ogies vallei, met 1000 vreemdes om ons en sê, moet nie worry nie. Verstaan julle dat my brein nie so werk nie? Dit maak mos nie sin nie" Verklaar ek my stand punt heel dramaties. Die ouer generasie, lag maar skud tog hulle koppe in ooreenstemming. Die ogies hou ons elke beweging dop, maar kom nooit nader as 'n meter nie. Hulle na-aap ons lyf taal en klanke en lag dan van plesier.

Ons besef dat die wiel nie vandag' hier gaan uitkom nie en maak vuur. Dis hier waar ek die eerste keer werklik vir Oom Willie, Andries, Gerrie en Lukas

ervaar. Oom Willie en Andries is seker die twee snaakste mense wat ek al ooit ontmoet het. Hulle vermaak ons met stories van alles wat hulle in hulle bakkie aanvang en stories van hulle lewens en vroue by die huis. Ek het jare laas my moedertjie so lekker hoor lag. Oom Gerrie is vir seker die geduldigste, hy probeer skool gee vir die Angoliaanse kindertjies en ondersoek elke takkie en blaartjie. Oom Lukas is nie gemaak vir 'n gehoor nie en die honderde oogies wat steeds reg rondom ons staan, irriteer die wit waks uit hom uit. Dit maak dit natuurlik soveel snaakser soos hy sy stoel elke keer omdraai, net om nog oogies aan die ander kant te sien. Ek en Dorita (Cloete), gesels lekker en dis 'n verligting om te weet daar is nog dogters daar buite van die 61 Meg wat omgee oor hul ouers se stories, die stories voor ons tyd.

Later die aand gaan slaap ons almal in ons motors, omdat ons moet, ons opslaan wa-tent is weg saam met oom Herman en ons slaap min en ongemaklik. Die ander mense slaap daar in oogies vallei by ons, dood eenvoudig omdat hulle gekies het om dit te doen. Die vreeslike aaklige pad, pap wiel dag, draai om in een van die lekkerste aande nog. Hierdie mense is so spesiaal en ek hoop hulle weet dat ek die' dag en hulle vir altyd sal onthou.

15 September

Dit was 'n vreeslike lang, ongemaklike en vreemde nag. Ek wag lank vir die son om lig oor die donker aand te kom gooi, net om uit te klim. Ons moes dood stil sit deur die nag want die bakkie staan op 'n as wat met een groot rowwe beweging kan afval en daarvoor het niemand krag of geduld nie. Ek en mamma lief het kort-kort geruil deur die nag op die agterste sit plek, dan lê sy op my skoot en dan ek op hare. Oom André moes ook by ons inklim want sy sitplek is weg saam met Oom Ockie. Maar dis my pa wat die swaarste trek. Hy lê vooroor die stuurwiel en dan met sy kop agtertoe en dan weer vorentoe. Ek is 100% oortuig dat hy niks geslaap het nie. Ek het aangebied dat ons plekke ruil, maar hy wou niks weet nie. Ek weet nie of hy bedagsaam of hardkoppig is nie, maar dis hoe ek hom nog altyd ken. Hy sal altyd seker maak dat ons okay is, maak nie saak wat dit van hom vra nie.

Kort voor lank juig ons almal van vreugde soos ons Oom Ockie se motor sien aankom. Natuurlik klim hy uit met sy breë glimlag en my Pa omhels die man sommer. "My hero" giggel-sê my ma weer. Shame, die arme mense het tot 2 uur die oggend probeer planne

maak en rond gery vir ons. Hy en Oom Rob verduidelik dat hulle regtig alles probeer het, maar die pad na die naaste dorp is nog ver en hulle moes baie toutjies trek om die wiel te kry. Ek is dankbaar dat hulle regtig probeer het om ons so gou as moontlik te kom haal. Mens weet nie altyd waardeur die ander mense op wie jy wag gaan nie, dink ek, ons kyk so maklik in ons eie omstandighede vas, jy vergeet soms dat almal hulle eie "battles fight".

Nou het ons weer 'n wiel en sommer nog 'n spaar een ook. Ons is almal oppad na Menongue, waar ons die vorige nag by Stefan van Wyk in luuksheid moes oornag. Ons is verlig toe ons laat oggend daar aankom, want ons weet dat ons die geleentheid sal hê om te stort. Maar die groot 5-ster kamers met lug versorgers en wit linne laat my verbaas. Die plek is soos 'n oase in die woestyn. Dit sou darem maar lekker gewees het as ons ook die nag hier kon deur bring. Ons sou ook so mooi en vars en uit gerus gelyk het soos die wat wel hier oornag het, dink ek so bietjie ialoers.

Ons shower lekker, kry ietsie om te eet en pak dan weer in. Marizaan (Kleynhans) wat amper-amper gearresteer was deur die Angoliaanse Polisie omdat sy hulle afgeneem het is die storie van die oggend en ons is bly toe sy daar opdaag. "Ek het die gebou afgeneem, hulle was net toevallig ook in die foto" verduidelik sy, "maar ek neem nou sommer glad nie meer fotos nie, sê sy half benoud en half ernstig.

Daar is wel 'n vreemde atmosfeer in die lug. Ek is nie seker of die res van die Oogies-vallei mense soos ek bietjie jaloers is nie, of is dit die valse-voorgee vriendelikheid van die "gaste huis" nie maar die groep is definitief nie meer een groep nie. Ek sou beter voel as dit gevoel het asof hulle bietjie meer omgee. Jy weet





as iemand ons gevra het of ons okay is, of "is julle reg om weer te ry" (want nie almal het soos konings geslaap nie). Ek dink ek is sommer vies want dis vir my vreeslik om my ouers te sien ongemaklik wees. Ek wens so ek kon vir my pa, die bietjie rus wat ek gekry het oordra, of selfs net 'n entjie van die pad ry. Ek en Mamma het natuurlik aangebied, maar ons is nie geregistreer as drywers in die land nie, en as hulle ons aftrek kan ons in groot moeilikheid wees. Ek sal vir hom 'n energie drankie koop en sal maar gesels en musiek moet speel om hom te probeer wakker hou so lank as moontlik, besluit ek. Daar is 'n onderdrukkende beneuktheid in die lug, en die gevoel vertrek saam met ons na Cuito Cuanavale.

Dis al donker toe ons by Cuito aankom en die groot oorlog standbeeld is helder verlig en lyk pragtig soos ons inry na die ambassade huisies. Regeringsgrond. Dis duidelik dat die land geld het, dis ook duidelik waarheen al die geld gaan. Ek dink terug aan my land en die kommer oor ons land se agteruitgang kom steek weer kop uit in my hart. Ag, Here kom red ons tog asb. "Generaal, generaal, sal jy die boere kom haal…" sis ek die kommer uit wat so gereeld my vrede wil kom steel.

Twee van die huisies word vir ons oop gesluit en ons kamp net daar in die pad. Almal dood gelukkig dat ons dit gemaak het. Ons het badkamers en storte en selfs 'n yskas om te gebruik. Die enigste gevaar is die groot plat spinnekoppe wat in die huisies in getrek het. Hulle sit in elke hoek en draai, maar deel darem hulle huisies met ons en na Oogies-Vallei is die klein spinnekop oogies nie te erg nie.

Die aand word daar 'n vuur gemaak en almal word gevra om net gou by mekaar te kom vir 'n paar reëlings. Oom Johan Kooij vertel dat ons more vertrek met die twee weermag trokke. My hart bok-spring. Hier is dit nou! Hy vertel vir ons wie verantwoordelik is vir watter etes en noem dat die kos daar is, ons
moet dit net maak. Almal is baie opgewonde, want
dié is nou die hele doel van die toer. Die reis terug na
die Lomba. "Die Angoliese weermag manne vat ons
tot daar op hulle trokke, daar slaap ons oor, so vat 'n
klein tentjie soos bespreek voor die toer." Ons gaan
saam kos maak en eet, ek sien vreeslik uit. My Pa, ook
vreeslik opgewonde en dalk 'n bietjie bly dat hy nie
self hoef te ry nie. Almal is moeg, en 'n hele paar van
ons gaan slaap vroeg. Hier kom dit nou... die Lomba.

16 September

Die son is voor ons op maar die opwinding in my hart brand warmer as die son se strale. Vandag is die dag wat ons op die trokke klim! Maar na 'n koppie koffie en selfs 'n vinnige ontbyt daag daar net een trok op. My hart bons eers toe ek die "Monster-truck" sien nader ry en ek neem fotos. "Maak eers seker jy mag van hulle foto's neem" skree Marizaan met ondervinding en ek lag sommer lekker, maar ek maak seker net vir ingeval.



Na Oom Rob rusteloos rondloop en erg op sy foon besig is, word ons in gelig dat die 2de trok oppad is, maar dat dit eers teen vanmiddag hier sal wees. Uit die groep kom die voorstel dat ons die oggend gebruik om na die Monument te gaan kyk. Almal is positief en gelukkig met die voorstel.

Oom Johan Kooij en oom Rob herhinder ons dat hierdie hulle monument is, en dat ons nie noodwendig gaan saam stem met die uiteinde van die Angolese weergawe van die geskiedenis nie. Die feit van die saak is dat hulle nie gewen het nie, maar in hulle perspektief, is hulle militêre-doelwit wel bereik.

Ons stop oorkant die Groot Monument wat in die

dag lig, nog meer indrukwekkend lyk. Voor ons na die Koper monument stap, gaan kyk ons eers na die weermag – voertuie, vliegtuie en wapens met wiele wat gebruik is deer die Angolianse weermag gedurende die oorlog. Hierdie is groot, indrukwekkende en ook vreesaanjaande masjiene. By die vliegtuig gaan staan almal bietjie langer stil. Pappa vertel hoe hierdie vliegtuie net-net bo hulle verby gevlieg het. Ek hoor hoe hulle in die nag beweeg het met die Ratels sodat

en troepe en goeters nie sien nie? Ek bedoel, al lyk 'n mens of 'n ding soos 'n boom of 'n dier vermom, bome beweeg nie?

Dit moes lawaai het soos die Ratels bome voor hulle plat vee? In die daglig moet dit mos 'n hele pad wys en die vliegtuig kan dan sien. waar die stop? Hier djie puzzle prentjie in my kop waaroor ek nou al jare wonder, sou eers by die Lomba in plek val, en ek is amper daar.



die vyand hulle nie kon sien nie en in die dag gekamoefleer was. "Hoe kon julle dan ry? So sonder ligte in 'n ry? Dit word pik donker hier in die nag, en as julle dan ligte sou aan sit kon hulle julle sekerlik maklik sien?" Vra ek met 'n frons, terwyl die prentjie in my kop nog nie wil vorm nie. "Die Ratel voor jou het 'n klein liggie agter in die venster gehad, die drywer volg net reguit op daai liggie"

"O, okay." verstaan ek nou dat "brights" nie regtig ter sprake was nie. "En die heel voorste Ratel, 23A? Hoe weet die man waarheen hy ry?" Hulle wil wil so bietjie vir my lag, maar antwoord dan dat hy net in die algemene rigting gery het na waarheen hulle moes gaan. "O,okay" besef ek nou ook dat 'n pad ook nie regtig ter sprake is nie. Ek moet bieg. Ek het gesukkel met die konsep van "weg kruip" en "hulle sien ons nie". Hoe kan jy hierdie hele brigade met groot Ratels



Ek draai my gesig vanaf die vliegtuig in die rigting van my ouers wat langs mekaar loop op die netjies steen paadjie wat deur en om al die Masjiene loop. Ek kyk met nuwe oë na my Mamma lief. Daar skyn 'n sagte pienk glas om die kort, sagte vroutjie wat hand aan hand langs Pappa stap, en luister soos hy gesels. Ek dink terug aan die briewe wat sy vir my pa geskryf het toe hy in die weermag was. Verlief op 'n man wat die moontlikheid dra om nooit weer terug te kom nie. Hoe het haar hart dit gehou? Hulle het getrou kort nadat my pa uit die weermag uit was. Altwee nog jonk. Al die jare wat sy met die "after-shock" van my pa se weermag dae moes baklei. Al die gebede wat sy in hulle huwelik ingewerk het. Al die moeilike tye, seer en ek's seker ook woede wat sy moes verwerk.



Die vroue agter die 61 Meg manne mag nooit vergeet word nie. Die mammas wat gebid het vir hulle jong seuns in die weermag. Die meisies, verloofdes en vroue wat die briewe gestuur het. Die vroue wat nie die weermag emosie gepakte mans verstaan het nie, maar steeds lief gehad het. Hulle was net soveel helde as elke liewe een van die jong soldate.

Na die aanskou van die Angola weermag voertuie

en gesprekke oor die verskil in die toerusting tussen die 61 Meg en die MPLA Fapla se masjiene, het ek besluit dat hulle wapens en toerusting goed was, dalk 'n bietjie beter en sterker en meer was as ons sin. Diegene wat dus reken dat hierdie oorlog onregverdig was en dat Angola op die agter voet was, het dit

heeltemal verkeerd. Inteendeel, ek was sommer nog trotser op ons manne. Hulle het werklik teen 'n hele paar skrikwekkende wapens oorwin.

Na die deur-loop staan ek by oom Lukas, by die ingang en wag vir die klein groepies om weer by mekaar te kom. Oom Lukas antwoord nog van my vra en deel ook 'n stukkie van sy storie met my. Ek voel bevoorreg om te hoor waaraan hy dink as hy hier deurloop. Ek wens so die manne wil meer vertel. My prentjie beeld is nog dof en elke stukkie bydrae word waardeer.

Almal beweeg nou na die toring van 'n standbeeld. Die beeld fokus op twee Angolese soldate, versier in koper. Hulle staan teenoormekaar, elkeen se linkerhand gelig na bo, waar hulle saam Angola as land na bo hou. In elkeen se regterhand is daar 'n geweer wat vas gehou word, wat saam met die helmet en klere dit duidelik maak dat die soldate is. Hulle staan op die bokant van 'n Russiese tenk. En agter hulle is daar 'n getekende beeld wat lyk soos een van die

Ek kan nie terug gaan in tyd nie, ek kan nie die volle storie van 'n geslag soldate vertel nie. Ek kan nie 'n groot verwelkoming reël nie, al wil ek hoe graag. Ek kan nie 'n monument oprig nie. Maar ek kan een wees. Ek sal Pappa se monument wees. Sy storie van oorwinning. Ek sal die geskiedenis reg oor vertel en altyd met trots na my pa kyk. Ek sal sy lewende monument wees wat

rondloop en bewys dat hy oorwin het.

Dat hy lewe na die oorlog. Dat hy

geseën is, dat hy 'n held is.

gewere, toegedraai in hulle lands vlag. Dit dra 'n sterk boodskap van oorwinning en trots. Aan die voet van die beeld staan daar in Portuguese "Memorial a vitoria da batalha do cuito cuanavale" wat beteken Memorial to the Victory of the Battle of Cuito Cuanavale. Alhoewel die beeld baie mooi gemaak is en ek is seker

> dat dit baie vir hulle beteken, voel selfs ek bietjie gefrustreed. Hulle het dan nie gewen nie. Dink ek by myself. Maar hoor dan weer my pa se stem in my ore wat sê "Daar is nie 'n wenner in oorlog nie" Hulle het seker die reg om hulle land te vier, ten spyte van my opinie en gevoelens.

Agter die beeld is daar 'n halfmaan koper muur wat die hele storie lyn vertel van die oorlog. Dit wys duidelik dat daar 'n tydperk was wat die Fapla swaar deur geloop het. Dit

was vir my nogal iets spesiaal om die manne daar te sien stop en trots te sê, hierdie was ons. Selfs die wat niks gesê het nie, het hier so 'n klein trotse glimlaggie laat glip. Dis goed, hulle mag trots wees in hulle oorwinnings. Ek wens net hulle het hulle eie monument gehad, in hulle land waarheen hulle die kinders, en klein-kinders kon vat. Hulle storie kon vertel. Die muur eindig waar Angola en die MPLA oorwin. En as mens dan die storie lyn volg van 1987 tot 1988 is dit seker in hulle perspektief reg. Maar hier in ons harte maak die volle waarheid nie sin nie, vir ons maak die einde seer en kwaad.

Hierdie jong 61 Meg soldate het geveg vir hulle land. Hulle het die opdragte volkome uitgevoer. Hulle het oorwin! So waar is die welkom terug feesviering? Waar is hulle monument? Waar is hulle toring hoë, dankie vir wat julle vir ons gedoen het standbeeld? My trane lê weer vlak soos ons na die moderne gebou loop wat deel vorm van die monument. Maar die trane is nie dankbaarheid, bewondering of 'n hart met te veel emosies nie. Hierdie is 'n gefrustreede woede wat hier in my brand. Hoe kon my land sy eie mense so vertrap, so verraai. Hoe kon hulle hierdie mense wat as wenners en helde moes terug verwelkom word, soos slegte misdadigers laat terug keer? Waarom het niemand die waarheid vertel nie en hoe kon ons dit toelaat? Ek is kwaad want daar is geen monument, of standbeeld nie. Daar is nie eers 'n bladsy in die skole

se geskiedenis boeke nie. Ek is kwaad. Waarom moet my Pa my na die vyands-land toe bring om vir my 'n deel van sy storie te wys?

Ons besoek ook die monument wat die eerste toer groep in 2018 op gesit het, en kyk ook na die Ratels. "Ek is bly pappa het ons die keer saam gebring" gee ek hom 'n stywe drukkie en soos altyd glimlag hy liefdevol terug. Ons gaan stap op die ou Lomba brug wat hulle af geskiet het, en al is die manne stil kan ek sien dat die vir hulle 'n belangrike ding is. Dit was een van die doelwitte, om die brug op te blaas, en hulle het.



Terug by ons kamp plek, wag ons nog so bietjie vir die tweede trok om op te daag. Die eerste trok is reeds vol gepak met petrol kanne, sakke, tente, kratte en al die ander dinge wat ons gevoel het moet saam gaan. Die Angolese weermag manne klim ook daar op en sit, lê of staan net waar hulle kan plek kry. Toe ons trok opdaag is almal heel opgewonde en vind elkeen gou 'n sitplek.

Die trok skud en ruk vreeslik en na 'n rukkie dink ons almal met waardering terug aan die sagte sitplekke van ons eie motors. Ek weet nie of dit die opgewondenheid was dat ons nou uiteindelik na die Lomba verkeer of dit al die snaakse persoonlikhede van die groep nie, maar almal lag. Die grap-jasse, oom Willie en Andries vermaak ons vreeslik. Daar is 'n lekker atmosfeer en die gelag van my ouers maak my hart so, so bly.

The Lorax?



Dis al reeds laat en die son sit al laag. 'n Entjie in die vreemde wêreld in, verander die landskap dramaties. Ons het die stedelike dele nou agter gelaat en die landskap waardeur ons ry is lowergroen bos. Dan verander die groen rondom ons in 'n oop sand area met afgekapte boompies. My Pa vertel dat die Chinese 'n paar jaar vantevore die land bewoon het. Hulle het vir die Angolese gewys hoe om die bome af te breek vir die hout. Hulle draai 'n tou om die bas van die boom, trek dit dan al stywer en stywer totdat dit op 'n dag die boomstam heeltemal dood-druk en dit dan afval. Dis net stompie bome vir myle.

"Dit laat my dink aan "The Lorax" se Dorita. Ek, Ruan en Marizaan stem dadelik saam. Dan verduidelik ons, jonger generasie dat die "Lorax" 'n teken prent is wat gaan oor die belangrikheid van bome. "O, okay" sê my pa en ek kan sien dat hy verseker ander prente in sy gedagte wêreld sien as wat ons doen.



Dis vreeslik is dit nie, hoe twee generasies na die selfde ding kan kyk en twee heeltemal verskillende ervarings het. Hoe kan ek verwag dat hy moet verstaan waarvan ons praat as hy dit nog nooit gesien het nie. Is die hoe hulle voel as dit kom by die oorlog? Dat ons nooit werklik sal verstaan nie. Dat ons nooit die regte prent in ons gedagtes sal kan vorm nie, want ons was nie daar nie.

"Mag ek oom iets vra" draai ek na oom Ockie toe.
"Jy kan vra." antwoord hy. "Het oom al ooit met oom se twee seuns gepraat oor die oorlog" Hy is eers 'n rukkie stil en sê dan, "Nee, nie regtig nie" ek frons



liggies en vra dan "Hoekom nie?" "Ek weet nie, dis deel van die verlede, mens moet vorentoe beweeg" "Dis belangrik dat oom met hulle daaroor praat, dis deel van wie oom is, en daarom ook deel van wie hulle is." Hy glimlag en sê "Ons sal sien, dit was hulle idee dat ek kom" My hart glimlag, want tenspyte van wat hierdie manne dink, hulle kinders wil' weet, hulle wil die stories hoor en al was hulle nie daar nie, selfs al kan hulle nooit ten volle verstaan nie, hulle besef dat hierdie tydperk belangrik is. Ek glo dat elke kind net inspirasie en trots in hulle pa's sal vind wanneer hulle na die stories luister,- ek het.

Jy sien as ek vir my pa die prent van "The Lorax" wys, sal hy verstaan waarom die' boompies ons daar aan laat dink, net so as hy vir my foto's wys, die verhale vertel en verduidelik wat met hom gebeur het toe hy hier geveg het, sal ek ook beter verstaan waarom sekere gebeure hom aan die weermag dae laat terug dink, waarom die agteruit gaan van ons land so erg is, waarom seker gebere hom kan kwaad maak, hartseer maak of laat lag. Ek hoop werklik dat elkeen van die manne sal terug gaan huis toe en net sal begin praat. Die waarheid is dat julle stories deel is van ons

mens wees ook. Dit help ons verstaan hoekom julle die soort ouer is wat julle is, waarom julle ons op 'n sekere manier groot gemaak het, dit verduidelik so baie in ons eie lewens, antwoord so baie van ons' vra. So, liewe 61 Meg Man en Pappa, deel jou stories, asb.

Die afgekapte boompies hou lank aan, maar dan ry ons op die sand paadjie waarop hierdie groot trok net-net pas tussen deur klomp klein paaltjies geplant aan weerskante van die pad. Die paaltjies word vinnig meer soos hulle hardloop van die kant van die pad af tot ver in die dieptes in. Sommiges is gemerk met 'n blou verf lyn, ander met wit, maar meeste met rooi. Hier en daar staan 'n groot boom, ook gemerk met

twee groot rooi strepe. Daar stap drie of vier mense met wit pakke en helmets in die sanderige area rond en druk-druk met stokke teen die oppervlak van die grond. Dis landmyne, skok my hart toe iemand die woord sê. Hier ry ons met een groot trok, reg deur die landmyne. Altans die moontlikheid van landmyne. 35 jaar later en die oorlog se impak is steeds aktief. Die moontlikheid van gevaar is so sigbaar, letterlik gemerk met rooi waarskuwings. Hoe vreesaanjaand moes dit nie wees om hier deur te beweeg nie, met die wete dat daar heel moontlik landmyne oral om jou kan wees. Dit was nie 35 jaar terug gemerk met rooi "wees-versigtig" merktjies nie.





Soos ons verder ry, raak die impak van die oorlog al hoe meer sigbaar. Dis son sak nou vinnig en die dames vra of ons gou kan stop vir 'n "veldjie" maar ons kan glad nie van die pad af stap in die veld in nie, dis gevaarlik want die area is nog nie skoon gemaak nie. Nie een van ons is lus om deur 'n landmyn opgeblaas te word nie en ons piepie agter die groot wiele van die trok in die pad. Wie sou nou ooit kon dink dat "veldjie vang" so gevaarlik kon wees.

Ons stop uiteindelik en die weermag manne klim dadelik af, maak een groot vuur waar hulle later sou lê en slaap. Daar is vir ons gesê om nie vêr van die pad af te gaan nie, net twee meter in, want die area is soos die ander nog nie skoon nie. Ons maak nie kos nie, almal is dood moeg en het ietsie wat hulle by hulle gehou het op die trok gepeusel. Pappa en oom Ockie slaan vir hulle elkeen 'n stretcher op, net skuins agter die trokke en slaap daar in die oopte, oë na die sterre. Ek en mamma lief kruip in die klein 2 x persoon tentjie in en hou mekaar vas deur die koue nag. Wat 'n avontuur van 'n dag. Kanonne, standbeelde, trokke, landmyne, die gelag van twintig mense almal ewe warm, koud en moeg. Dit was 'n lang, rowwe dag, dit was 'n goeie dag.



17 September

Op soek na Atlantis

Vroeg, vroeg die volgende oggend is ons weer op. Pappa hulle het maar sleg geslaap want dit was 'n vreeslike koue aand, selfs ek en mamma in die tent, het bietjie koud gekry. Ek kan sien dat Oom Andries, Willie, Lukas en Gerrie ook buite geslaap het, in hulle slaap sakke. Die dames klim nou omtrent onder die trokke in soos ons probeer wegkruip agter die groot wiele om te piepie, anders as die mans wat sommer net hulle rue kan draai. Tandeborsel in die oggend is altyd die lekkerste, dit laat jou weer so bietjie mens voel. Maar die koffie, die koffie is hemels en ek is so dankbaar dat pappa vir Mimpie (die kamp ketel) saam gebring het, ek dink sy het ons almal nuwe hoop gegee elke oggend.

Alles is gou opgeslaan en sit elkeen weer op sy plek, op die trok. Ek het die vorige aand my rooi truitjie oor my kop gegooi en die moue oor my ore onder my ken vas gebind, dit help vir die koue en hou boonop my ore bietjie skoon van die sand en stof. So ek doen dit sommer dadelik weer. Die ou roes rooi truitjie was verseker die beste item wat ek saam my gevat het op die trok. Ek sal dit nooit weer kan aantrek of dra sonder om aan die Angola Avontuur te dink nie. Heel agter aan ons kant sit oom André, met sy fiets-ry masker oor sy neus en mond getrek, donker bril en hoed om al die stof te keer, dan Oom Ockie, ek, Pappa en Mamma, gevolg deur die ander mensies. Die trok skud rof hier agter en elke keer as die rat verander word, of die wind draai en dan eet ons die sanderige stof.

Die boom takke is natuurlik die ergste. Vir een of ander rede, ry ons drywer of mal stadig of belaglik vinnig, maar so gereeld word ons van agter geslaan deur takke wat voel soos latte, en so nou en dan 'n dik stomp wat voel asof hy jou borskas gebreek het soos dit jou wind uit slaan. Almal hang voor oor soos gebuigde boewe wat oppad is na die doodsvonnis. Ons het soos altyd nie tyd vir ontbyt nie en ons is almal moeg en honger.

Ons kry hierdie uur waar iemand op die trok genoeg energie het om lewe in te bring en dan lag en gesels ons weer, dan is almal weer dood stil, soos dooies wat hier hang. Soos sardientjies sit ons styf teen mekaar, dit hou jou regop. "Dis hoe ons gesit het daai tyd ook" sê my Pa. "Ons het net baie meer in gepas op 'n bankie", lag hy "Ons was baie Kleiner daai tyd. Daar was vier bankies op 'n trok, een aan elke kant soos nou, en nog twee in die middel, waar die ouens rug, teen rug gesit het. Hier was nie plek vir 'n muis nie. Elke ou het net sy streep-sak"

"Kan jy glo, hoe ver ons so' gery het, my rug sal dit nou nie meer hou nie" antwoord Oom Ockie. "Ja, nee en ons het so gesit en slaap." hy wys na Oom Willie & Oom Herman wat oorkant ons sit en rondval soos die



trok ruk en skud. "Dis baie erg Pappa" sê ek sommer bekommerd. Dis nou eers dag twee, en ek is goed gatvol. Die geslaan en geskud laat jou voel soos 'n sak aartappels sonder waarde wat iemand agter op 'n trok gegooi het en van jou vergeet het.

Die ergste is hoe afhanklik jy is. Jy moet op die trok klim, daar is nie 'n opsie van "ek wil nie meer nie" of "vat my huis toe" of koop 'n bus kaartjie of draai om en stap weg nie. Wat my vang soos ek nog na die slaapende lywe kyk is die lewensloosheid van die prentjie. Na 'n rukkie pla die klein lat takkies nie meer nie, jy sit maar daar en aanvaar die slae, die son wat brand, die stof ooral op jou, die sweet, die koue, niks daarvan maak meer saak nie. My lyf is self moeg en my oë wil-wil toe bly. Ek kyk op soos ek ook voor oor lê, en sien hoe ons soos 'n see van dooie lywe

almal net saam val, van kant tot kant. Dan besef ek, die mense saam met my op die trok is nou net lywe, daar is nie 'n persoonlikheid in sig nie. Is dit hoe hulle gevoel het, agter op die trokke 35 jaar terug? Soos dooies, waardelose sakke aartappels? Soos lywe, net nog 'n nommer? Geen siel, geen gees, net nog 'n lyf wat moet gaan veg omdat daar nie regtig 'n ander keuse is nie. Jy dink aan niks, jy gaan net saam soos met die golwe in die see sonder om eers daar oor te dink. My hart breek vir my pa, hoe sterk is hy nie. Hy was nog altyd my hero, maar dis asof al hierdie dinge my net weer laat besef hoe sterk hy is.

Dis seker so 13:30 14:00 toe ons weer lewe kry omdat ons by die Lomba rivier is. Uiteindelik dink ek by myself, iets met die naam Lomba in. Daar is 'n gemeenskap naby die rivier, hulle bly natuurlik hier vir die water. Ons kom tot stillstand aan die kant van die gemeenskap onder 'n groot boom. Niemand weet regtig hoekom die trok stop nie want ons wil graag kom tot by die Lomba, daar waar die aanslag was. So ons bly sit. Oom Johan Kooji en Oom Rob is besig om te praat met die Voorman by die ander trok en 'n paar mense klim af om bene te rek. Ek en mamma het vir ons 'n tweede pakkie klere in gepak en gaan trek gou die koeler klere aan om die hoek van 'n winkeltjie. Ons het steeds die langmoue van die vorige nag aangehad en dit was nou al weer vreeslik warm. Ons borsel sommer weer tande en voel baie beter. "Nou voel mens darm weer mens." glimlag my mooi Moeder vir my en ek is weereens so trots dat sy saam gekom het, en so' positief bly.

Toe ons terug kom by die trok, is almal heel onseker

oor wat aangaan. Oom Rob loop op en af, besig op sy foon en Oom Johan lyk goed kwaad. Na 'n hele rukkie van gesels en wag en wonder, hoor ons dat die Voorman weier om ons verder te vat en sê dat sy opdrag was om ons tot hier by die Lomba rivier te bring. "Maar hy lieg man!" sê Oom Johan.

Ons besef dat die storie eers uit gesort moet word. En ons vra dat die trokke onder 'n ander, groter boom moet gaan stop in 'n sy paadjie. 'n Groot deel van die groep wik en weeg. Ons is moeg en oorweeg om die standbeeldjie wat ons by die Lomba wou opsit, hier by die brug op te sit en dan terug te draai. Maar niemand wil dit regtig doen nie, die doel was om tot by die Lomba uit kom, 'n doel wat eweskielik net te vêr voel, buite bereik voel. So ons maak vir die eerste keer van dat ons vertrek het kos! Jip 'n lekker boere potjie. Ons gaan swem in die koue water van die Lomba en behalwe dat hierdie 'n groot oomblik is, is dit ook heerlik om so in die warm dag af te koel. Ek kan nie help om te glimlag soos ek die manne sien afkoel in die water van die Lomba rivier nie. Oom Willie vra vir my om vir hom 'n foto te neem, want hy het 35 jaar terug, ook in die water af gekoel. Hulle almal het. Wat 'n amazing historiese oomblik! Ek kan nie glo ek swem saam met my pa in die Lomba rivier nie.

Die koue water, en warm vol borde kos gee ons almal weer enegrie en hoop en uitsien om aan te hou. Arme Oom Rob het deur gebreek en met 'n dikbek Voorman van die Angolese weermag gaan ons voort. Natuurlik ry die trok drywer nou onnodig vinnig en lelik en ons almal is gou weer negatief soos ons deur takke geslaan word. Oom Johan reël 'n paar manne om die takke in die pad af te kap soos ons ry, want een van die redes was dat die pad te nou is vir die trokke om deur te ry, maar dit gaan ons nie nou meer keer nie, ons het net te vêr gekom om nou om te draai.

Dit was al laat middag toe ons by die rivier weg gery het en dit is nou al weer goed donker. Ons ry in by 'n woon gebied, waar klomp hut -huisies gebou is. In die nag sien mens net die vuurtjies wat brand en oogies wat staar. Ons ry net verby die huisies tot by 'n groot dam. Die trok sluit af en die drywer spring uit. Die tweede trok stop ook en al die manne klim af. Hulle gaan haal water en sommige van ons mense klim ook af om bene te rek. Vir my voel die te veel soos die vorige valei van starende ogies en ek bly sit. Na 'n rukkie wat dit voel of niemand regtig weet wat aangaan nie, hoor ons dat die weermag manne wil hê dat ons hier moet afklim en oorslaap. Die groep,



kwaad omdat ons so baie tyd gemors het om te wag vir hulle vanmiddag stem saam dat ons liewer nog 'n entjie moet aan ry, tot waar ons moet wees. Al is almal teen die tyd moeg en koud. Die weermag manne lyk ongelukkig met ons maar ek het 'n onrustige gevoel gehad met die gedagte van kamp opslaan so naby al die hut-huisies, toe dit nie net ek is wat so voel nie en toe die trok verder ry is ek verlig.

Die grappies op die trok vang weer spoed en vir 'n rukkie lag ons almal weer lekker saam. Later word dit stil, dood stil en ys koud. Sommige mensies kry geslaap so regop in die sit. Dit voel vir my ons is oppad na die verlore stad, Atlantis. Lê die Lomba dan ook erens onder in die see? Bestaan die plek ooit? Ek kyk na my ouers. Hulle lywe is moeg en seer. My Pa wat my Mamma lief styf vas hou is vir my so mooi en romanties, hulle is so beeldskoon dink ek soos ek opkyk na die sterre. Die lug is so skoon en oop.

Die sterre sing God se grootheid en ek glimlag sag. Ster-gebede so in die laat nag is wat ons nou dra. "Ons is amper daar" versterk die Here my gedagtes en my gemoed, met sy sterk en sagte stem in my ore. "Amper by die Lomba, God is groot, God is goed." fluister ek saggies.

Dit was seker naby of verby middernag toe ons uiteindelik stop. Ons arriveer by 'n oop area oorkant die 32



Bn waar Alves se Ratel as wrak lê. Dit is pik donker en ons kan nie die wrak sien nie. 'n Paar manne kon nie wag nie en stap met flitse tot by die die Ratel. Ons slaan tent op, dood moeg. Vanaand is dit weer koud en Pappa klim ook in die tentjie in. Hy hou vir Mamma vas wat in die middel lê en sy vir my. "Ons is hier Here. Dankie. Seën asb die dag wat voorlê." Môre - môre stap ek in die Lomba.

18 September

Die Lomba, 35 jaar later, 'n tasbare realiteit

Almal is vroeg reeds op. Almal trek hulle swart Bravo Kompanie hemde en hoedjies aan. Toe ons uit die tent uitstap om die normale oggend roetine van koffie en wakker aan te pak, sien ek die Lomba Vlakte. Ek sien die Alves Ratel. Ek verstaan waarna Kmdt Bok Smit verwys het toe hy gepraat het van die Shona, die groot oop vloedvlakte wat lê tussen die twee bebosde areas soos ek oor die oop veld kyk met bome en dig bosse aan alby kante. Die hele toneel maak nou sin. 'n Rukkie later kom almal by mekaar by die Ratel. Ons aanskou die wrak en neem so veel as moontlik in. Hierdie was ons sin, dink ek by myself, ons mense. Ons jong manne. Rondom die Ratel lê dele daarvan. 61 Meg het later self die Ratel opgeblaas omdat hulle nie wou hê dat die toerusting en tegnologie bestudeer moes word nie. Die drywer van die Ratel het geskrik nadat hulle hoofman in die toring geskiet is, en per ongeluk, en ek is seker half blindelings in die oop area in gery. Die Ratel was geskiet deur 'n Russiese tenk terwyl die drywer en die gunner nog daar in was. My hart breek al weer. "Niemand wen in oorlog nie" hoor ek dit weer in my kop.

Ons word by mekaar geroep en die manne gaan staan in hulle formasie langs die Ratel vir 'n foto. Dan word die dames gevra om ook daar te gaan staan. My hart is al reeds oorvol met emosie. Na die storie van die wrak





en 'n paar woorde word die dames gevra om blom saadjies om die ratel te strooi. "Die ratel verteenwoordig dood, maar daar is lewe na die die dood. Dit is wat ons hier wil onthou" Dis mooi dink ek, veral dat die vroue dit moet strooi. Ek glo vas dat God 'n vrou geskep het om te herstel, te genees, te hoop, te bid en te help lewe.

Ek kan dit nie meer in hou nie en ek huil. Ek huil soos wat ek elke saadjie neer gooi met die hoop en vertroue dat dit sal blom. Ek huil want ek wens ek kon troos so oor die mense se ouers gooi, oor hulle geliefdes wat hulle nooit kon terug verwelkom na die oorlog nie. Ek huil want hierdie is nie my Pa se graf nie, en daaroor is ek dankbaar. Ek dink nie hulle verstaan nie. Ek huil oor alles, die hele feit dat die oorlog daar was. Ek huil oor alles wat my Pa moes deur maak, ek huil omdat ek so trots is op hom. My hart huil by die Ratel soos ek die Here smeek vir genesing vir elke liewe een van die mense. Ek huil want my lewe kon 35 jaar terug hier geëindig het, voor dit sou begin. Ek huil want die Here het hierdie ongelooflike seun beskerm, van hom 'n man gemaak en aan my geleen as 'n Pappa. Ek huil want ek het hom so bitter baie lief.

Na die seremonie, vaar ons die veld in. Dis nou al vreeslik warm en die swart hemde trek die son in. Die bos waar die oorlog plaas gevind het is baie dig. Dis glad nie wat ek in gedagte gehad het nie. Om die waarheid te sê, weet ek nie wat ek in gedagte gehad het nie, maar dit was nie dié nie. In my gedagtes was die oorlog dof, bruin en donker. Mense wat van vêr op mekaaar skiet. Maar dis nie so nie. Glad nie. Hier is helder groen bome en boompies en bosse oral. Van lig geel tot donker groen. Jy kan saars twee meter voor jou sien, so dig is dit gegroei. Die grond is sanderig en die kontoer lyne van die tonnels wat die manne gegrou het om agter te lê en weg te kruip is steed daar.


Ek vat aan alles, die blare die sanderige grond die boom basse, die tenks wat daar as wrakke staan. Ek kyk op na die son wat deur die takke bo ons skyn. Ek ruik die amper "mint" reuk van die bos, soos die takkies onder almal se voete kraak. Ek kyk kort kort na my pa en sien sy jong-man gesig wat saggies hier rond stap, met skerp helder blou oë, geweer in sy hande en gespitste ore. Die realiteit van waar ek is, is tasbaar. Elke sintuig wat ek het neem alles in soos ek agter hom aan stap. My hart, steeds oorvol.





Pappa was 'n Geweerskutter, heel voor. So hy het uit geklim en langs die Ratel gestap. Kan jy jou in dink? As hy iemand moes skiet sou hulle nie ver kon wees nie, hulle sou slegs 'n paar meter van hom af moes wees. Hierdie was nie "Cowboy" film waar hulle elkeen agter 'n klipmuur staan en kop uitsteek en net vêr skiet nie. Nee, hierdie was 'n "face-to-face" oorlog. Hier speel die bos 'n groot rol.

"Ons het geoefen in die bos, ons het opleiding in die bos gekry, dit het ons baie gehelp" het hy gesê toe ek



hom uitvra hier oor. Toe ons na die monument gaan kyk het en ek al daai voertuie gesien het, het ek regtig gesukkel om te verstaan hoe mens dit nie myle ver weg kon sien nie, maar nou dat ek hier staan, maak dit sin. Hier kan 'n olifant net aan die anderkant van 'n boom staan en ek sou dit nie weet nie. Hoe hulle rigting kon hou weet ek ook nie. My rigting is en was nog nooit goed nie, maar in die bos sal ek verseker verdwaal.

Ons almal loop rond in kleiner groepies en aanskou die verskillende tenks. Na 'n rukkie kom ons bymekaar by een van Fapla se tenks wat blykbaar heel eerste uitgeskiet is. Dit is nou al goed warm en die son se strale skyn sterk en helder deur die bome. Almal help om die standbeeld te bou en ons maak 'n kaart op die grond soos wat hulle daardie tyd ook gedoen het. Dan word ons nader geroep om na die gebeure van die dag te luister soos dit verduidelik word op die kaart. Dit vat 'n rukkie omdat alles in Portugees ook vertaal word vir die Angolese manne. Daarna beweeg ons na die monument wat ons daar opsit en die woorde word gelees in Afrikaans en Portugees. Ons rig die monument hier op vir almal wat daardie dag gesterf het, ons mense en hulle sin. Daarna neem ons groep fotos en word ons manne gevra om hulle hemde vir die Angolianse weermag manne te gee as teken dat ons almal hier onder gely het. Hulle almal lyk heel tevrede, behalwe die voorman wat steeds dik bek is vir ons. En op 'n manier blameer ek hom nie.

Dit was mooi en wonderlik en regtig "great" om die storie te hoor en eer te bring aan almal wat gesterf het hier 35 jaar terug. Maar ek wens tog dat die mense wat hier is, die manne wat die moeite gedoen het om weer tot hier terug te kom die geleentheid kon kry om ook iets te sê. As ons bymekaar kon kom en daar was vir hulle gevra om een ding te noem wat hulle onthou van die dag, of iets te deel waaraan hulle nou dink

dat hulle terug is, sou dit so veel meer beteken het. Dis tog hulle elkeen se storie, deel van wie hulle is. Dit gaan nie net oor die weermag en bevele nie. Dit gaan nie net oor een perspektief nie. Dit gaan oor die mense, die mense wat hier staan. Ek wens daar was vir ons vroue en kinders gevra om ietsie te deel oor wat ons beleef, nou dat ons hier staan.

Daar is die ding wat gesê word, dat blomme op 'n graf mooi is, maar dis te laat. Dat ons blomme vir mekaar moet gee terwyl ons leef. Hierdie seremonie voel so bietjie soos blomme op 'n graf. Mooi, maar wat van die mense wat nou hier is? Hulle verdien ook blomme. Ek sal dan maar my storie moet skryf, besluit ek. Want jy sien, alhoewel die seremonie mooi is, en steeds baie beteken, alhoewel die reis tot hier rof was en die moeite werd was, verdien my ouers meer. Verdien die mense meer.

Die son brand nou goed neer, en Mamma lief trek swaar. Haar lyfie het baie deur gemaak die afgelope paar jaar. Hier is min kos en water in ons liggame en Pappa en ek stap saam met haar terug trok toe. Ek kan sien my pa is nou klaar. Hy het tot hier terug gekom

en ek weet hy is bly en dankbaar vir die geleentheid, maar hy voel sleg dat dit so rof is. "ek het nie gedink dit gaan so' wees nie" sê hy vir ons twee. Ons verseker hom dat dit steeds vir ons spesiaal is om dit saam hom te deel en dat ons bly is ons het tot hier gekom. Later is almal weer by die trok en ons besluit dat ons oppak en terug gaan na die lugmag gronde in Cuito waar ons alles agter gelos het.

Snaaks genoeg vat die weermag ons nou 'n die "kort pad" om soos ons hulle oorspronklik gevra het om ons te bring. Maar die misverstand tussen die Lomba rivier en die Shona het ons 1 dag reis verleng. Die pad terug is steeds swaar, die rooi grond maak ons goed vuil en die son het al weer net te vinnig gesak. Ons stop wel donker dieselfde dag by die ambassade huisies. Almal



is moeg, kry hulle goed en gaan na hulle skuilings vir die aand. Ons kan weer stort en gaan slaap weer as mens in ons tente.

"Dankie Here, ons was daar, by die Lomba. En al het ek gedink ons gaan dit nooit weer terug maak nie het U ons veilig gehou. Laat hulle goed rus Here, hulle is deur baie." Loer ek vir my ouers op hulle bed bo op die sleepwa en glimlag. 35 jaar later het ek agter my pa aan gestap oor die Shona, in die bos van die aanslag, het ek agter my held aan gestap, in sy voetspore.

19 September

Vandag vertrek ons vanaf Cuito na Lubango. Die mense is almal redelik moeg en stil. Ek dink 'n paar van ons sien uit om terug te beweeg huis toe. In die kar geniet ek my ouers se geselskap vreeslik, en die sagte sit plekke en die lug versorger. Die reis na Lubango is lank en ons stop erens in 'n dorpie om petrol in te gooi en 'n paar goedjies te koop. Daar is 'n vreeslike atmosfeer onder die groep en kort-kort kom deel mense frustrasies met ons, ons deel saam. Die skool-kamp gevoel is terug. Dalk is almal net

moeg, dink ek by myself ook goed gefrustreed. Die hele dag is 'n aan -jaag dag, ry weg vir mekaar en wag vir mekaar dag. Oom Andries en Oom Willie wat heel agter ry laat ons darem lekker lag as hulle so nou en dan een van hulle liedjies vir ons speel oor die radio.

Laat middag vergesel die Angolese manne ons weer, die selfde klomp wat ons ontvang het by die grens en vat hulle ons na 'n veld wat lyk soos 'n deurloop area vanaf die plaaslike verblyf of altans plakkers kamp na die dorp.

Die groep voel onveilig hier en die atmosfeer is nou regtig nie lekker nie. Daar is nie 'n wolkie in die lug nie en die son wat nou al baie laag sit is vuur-rooi en koeël rond. Soos almal uitklim om te besluit waarheen ons gaan en of ons hier gaan bly, raak die stemme al hoe meer. Ek bly liewer hier in die bakkie, want ek is nie lus vir die voorsê atmosfeer wat hang nie. My ma



klim ook na 'n rukkie uit." Jou Pa is nou goed gatvol, sê sy soos sy uitklim", maar dit het ek klaar gesien.

En dan, hoor ek sy stem, hard en duidelik "Ek is nie jou troepie nie!" Jip, die bom het uiteindelik gebars en frustrasies word vir die eerste keer hardop gesê. Ek klim ook nou uit. My pa se frustasies verbaas my nie, want baie van ons voel soos hy. Hy is net die eerste een om dit hard op te sê. Ek hou nogal daarvan, dat hy altyd eerste iets sê. Dit help tog nie om heeltyd onderlangs gefrustreed te wees nie, mens spreek dit mos aan en sorteer dit uit. Natuurlik help die woede wat saam met frustrasie loop nie altyd om goed "mooi" uit te praat nie. My Pa, soos die son, bloed warm met koeël ronde oë, spreek die voor-sê skool-kamp gevoel aan en dis goed so besluit ek. Dalk omdat ek, nes hy nie mense gaan vat wat oor ons en ander loop nie. Hierdie is 'n toer groep, nie 'n skool kamp nie. Hier is almal gelyk.



Vir die eerste keer hoor die groep die waarheid agter die "lang pad" na die Lomba en die weermag voorman se houding. Ons word ook nou ingelig dat agter die skerms daar gekonkel was om ons reis moeilik te maak. "Nou, vertel dit net vir ons, sodat ons ook weet wat aangaan" sê tannie Erika, ook lank al goed



50



omgekrap. Weereens stem ek saam, die manne kan dalk 'n oorlog wen maar hulle kommunikasie vaardighede is nie van die beste nie. Ons verstaan wel nou beter hoekom die afgelope paar dae soveel moeiliker was as wat dit moes wees en ek dink en hoop dat die mense mekaar bietjie beter sal aanspreek.

Terwyl ons 'n paar dinge probeer uitpraat is dit Oom Cornie wat tot ons redding kom. Hy het met die weermag mense gereël dat ons nie hier gaan oornag nie, maar in 'n skool terrein hier naby gaan oor slaap. Hier vind ons vrede met 'n afgekampte area, met 'n hek en badkamers. Hierdie dag met die koeël ronde sonsak, kom uiteindelik tot 'n einde.

20 September

Ons vertrek vanaf Lubango na Cahama. Dis 'n mooi dag en ek is so bly ons het hier by die skooltjie kom oor slaap. Ons besluit dat ons vandag bietjie gaan sight-seeing doen en ek is vreeslik opgewonde. Ons besoek heel eerste die klip vallei. Soos wat jy teen die berg opry verander die landskap en staan die grys klip al hoe meer uit. Die klippe word groter en groter.



Ons ry in by die park waar 'n mooi paadjie ons lei tot 'n plat sirkel waar ons afsluit en uitklim. Die uitkyk punte van hier bo-op die berg is beeldskoon en mens sien myle ver. Die berg is hoog en dit is duidelik as mens langs die kant afkyk in die diep canyon in. Ons neem foto's en bewonder die landskap. Hier op die berg bly 'n Hiemba gesin, jy kan hulle maklik uitken aan die min klere en harde modder op hulle koppe, gesmeer oor hulle hare.

Toe ons hier klaar is gaan ry ons een van die wereld se mees steil en winderigste paaie, die pad met al die draaie. Die landskap is beeldskoon en dit was groot pret om die konvooi te probeer vasvang in 'n foto na elke draai. Net na die pas stop ons om ietsie tee eet by 'n restaurantjie. Ons klim uit en die dag voel werklik soos vakansie. Na die lekker ete gaan kyk ons ook na die Jesus standbeeld, een van net vier in die wêreld. Dié een se naam is "The Christ, the King Statue", dit kyk oor die stad van Lubango, hier in die suide van Angola. Die beeld is 30-meter hoog en was gebou in 1957. Dit is baie interessant om die merke wat die oorlog op die beeld gelos het te sien.

Ons besoek ook die Dorsland Voortrekkers se monumentjie wat die storie en reis van die "Van der Merwes" vertel en dis nogal indrukwekkend om te dink dat hulle die aarde so kon toer met ossewa's. Ons kom weer laat en donker by ons kampeer plekkie aan, maar dis okay want die dag was baie lekker en interressant.

Ons stop by 'n dorpie laat middag omdat almal net 'n paar goedjies wil aankoop. Die dorpie is vreeslik besig en die Keweseki motorfietsies is soos in elke dorp, oral. Die Fietsies vermaak ons vreeslik, hulle is werklik die Taxi's van Angola soos daar maklik tien of twaalf mense op een fietsie rond ry. Sommiges Vervoer goedere, ander is openbare vervoer motors en dit is werklik ongelooflik toe ons een kry wat stil staan.

Soos ons deur die strate ry om weer uit te kom, vergeet Pappa lief dat mense hier aan die regter kant van die pad ry. By die stop beweeg hy stadig vorentoe om te probeer links indraai en toe Boemp! Daar lê 'n man op die sypaadjie langs sy klein motor fietsie. "O gonna" sê ons amper gelyk. Pappa was skaars uit die bakkie uit toe die "Polisia" daar stop met hulle groot mooi motorfietse en AK74's. My hart klop kliphard, "hulle kan tog nou nie my Pa toe sluit nie", spring my brein na die ergste. Die man wat in die bakkie vas

gery het en baie dramaties af geval het, spring op en hardloop weg in een van die sy paadjies in.

By die Polisie stasie vind ons uit, dat die 'man 'n moeilikheid maker is en hulle wou net seker maak ons is okay en dat die bakkie okay is. Hoe oulik is dit. Die res van die groep het solank aangehou ry. Oom Rob hulle het by ons gebly, en hy het saam met Pappa in gegaan by die stasie. Ek was baie dankbaar dat hulle ons nie heeltemal alleen gelos het nie. Na 'n kort rukkie is ons ook uit die dorp uit en vir een of ander rede kies ons 'n ander pad tot waar ons moet oornag. Wel ek dink nie dit was enigsins 'n pad nie, dit het meer gelyk soos 'n rivier bed.

Die rit was aaklig en baie stresvol. Dit raak al weer laat en die son sak net te vinnig. Dit was pik donker toe ons op die teer pad klim. Weereens kan ek dit nie regtig 'n teer pad noem nie. Die pad was vol vreeslike groot en gevaarlike gate. Ons ry so gou ons kan, moeg en gefrustreerd met die moeilike pad tot ons uiteindelik weer by die groep aan sluit waar hulle besig is om op te slaan in die veld. Hulle het nie te lank voor ons daar aan gekom nie en sê dat die pad wat hulle gery het net so woes was. "Ja, nee kyk, daai Voortrekkers was taai", dink ek by myself.

Dit voel vir my ons slaap in die middel van nêrens. Maar dis okay, teen die tyd is ek nie meer so gespanne nie, as iemand ons op die 'toer wou dood maak, het hulle dit lank al gedoen. Ek is inelkgeval te moeg om regtig om te gee, maar ek moet sê, dit was 'n lekker dag, die toer het vandag bietjie meer soos vakansie gevoel.

21 September

Die volgende oggend, word ek wakker en sien dat die "random" veld bunkers wegsteek onder die grond, waar een of ander belangrike man glo hier weggekruip vir maande. Die bunkers is donker en ek is werklik dankbaar dat ek nie daar moes weg kruip en vrees vir my lewe nie.

Ons het bietjie later geslaap en die manne maak weer vir ons 'n kamp stort. Dit is darem maar net die lekkerste lekker so in die oggend, veral na 'n rowwe nag. Oom Ockie hulle bederf ons met ontbyt. Selfs die ou verlore veld brakkie en sy goeie maniere word ook goed bederf met kossies soos Mamma na hom omsien met haar sagte hart vir diere. Oom Gerrie sê as hy kon het hy die woef saam hom huis toe gevat. Natuurlik speel ons weer ons toer liedjie, soos oom Ockie

nog elke oggend het, "Rise" van Callum Scott. Dis so' gepas dink ek nes elke ander oggend. Ons pak op en begin weer ry. Die groep besluit om die keer nie by Mielie se ratel te stop nie, nie omdat ons nie wil nie, maar omdat ons voor 5 oor die grens moet gaan Namibië in. Die tyd gaan ons vang en ek dink nie enige iemand het meer energie oor vir nog 'n rowwe, pik donker nag nie.

So trek ons vroeg skemer by ons staan plek in by Ruacana na ons deur die grens is van Angola af Namibië in. My hart groet Angola met so ligte laagie van hartseer, maar met baie dankbaarheid. Daar is vir ons 'n groot area waar ons weer in 'n laer trek en die manne maak dadelik 'n 'bonfire'' in die middel na ons op geslaan het. Almal is vreeslik opgewonde want dis die laaste aand wat ons almal by mekaar is, voor elkeen sy eie rigting gaan.



22 September 2022

Ons is twee motors wat uit Ruacana na Windhoek vertrek. Vandag split die mensies elkeen in hul eie rigting. Ons drie, Oom Ockie, Andries en Rob ry saam. Die grens gaan vinnig en ons is lekker vroeg in Namibië in. Ons check in by Urban Camps in Windhoek.

23 September 2022

Ons vertrek vandag vanaf Windhoek, oor die grens na Kang in Botswana. Dis 'n lang pad maar ons trek in by Kalahari Rest Lodge toe die son nog in die lug is.

24 September 2022

Die volgende oggend is ons vroeg op en op die pad. Oor die grens verwelkom ons land ons terug met load shedding en potholes en tog voel ek verlig om weer te behoort, hier in Suid Afrika. My moederland.

Ons het dit gemaak 14 dae. Angola, Lomba en terug. Wat 'n uitputtende, amazing avontuur.







24 Askari Grafte – 24 Poppies

Eagen-Lichenberg

Die merkwaardige verhaal van 'n 61 Meg - Ops Askari veteraan wat aan homself die taak opgelê het om die Askari gesneuweldes se grafte op te spoor en dit skoon te maak.



Ek was in Kapt Johan du Buisson se kompanie in 1 SAI Bn. Aan die begin van Ops Askari is ek en paar ander manne afgedeel aan daai G4 artillerie battery onder bevel van Ian Johnson. Die artillerie ouens het uitgeklaar en rofies het die wapens oor gevat. Die spul het daar aangekom sonder drywers. En omdat elke Ratel van ons kompanie 'n hulp drywer gehad is ons na die artillerie afgedeel waar ons redelik onwillig die bevelvoerders se Ratels moes bestuur.

Ons het Chahama en Cuvelai gebombardeer. Op 'n kol was ons in die doodsakker van die vyand. Dis daar waar die medic se Ratel deur 'n 130mm artillerie projektiel uitgeskiet is. Ek was bykans dag en nag wakker saam die Majoor. Ek moes wakker bky tydens aanvalle want die Ratel se batterye het pap geloop, dus moes ek die Ratel start om die batterye te laai sodat radios kon werk.

Ons het gereeld vreeslik baie indirekte vuur gekry. Die vyand het seker maar ons kanonne gehoor en dan na ons geskiet. 'n Senutergende gemors. Ons Ratel was onbewapen. Nie eers 'n 5.0 browning nie. Ek was die hoof wapen; my R4 en 1ste lyn ammo en 'n Rpg7 met

2 bomme. Die Majoor het darem ook 'n R4 gehad. Na Askari moes ons daai Ratels terug ry states toe. Ek dink as ons daar sou bly sou niemand iets vermoed het nie. Maar ons wou terug bos toe. Daar waar ons kompanie was. Ons is toe per trein Windhoek toe. Vandaar 'n lift gekry Grootfontein toe en skrop toe daar slaapplek uit. Ons begin verneem oor transport Omuthiya toe vandaar sou ons weer lift soek na wherever ons tjommies in Angola was. Niemand het verstaan waar ons vandaan kom nie. Uiteindelik kry ons 'n lift. By Omuthiya het nog minder mense verstaan wie ons is en waarheen ons oppad is. Al die groot range was weg vir oorlog. Ons het nogal hard getry om terug Angola toe te gaan. Maar oo 'n dag hoor ons net Ratels Omuthiya binnery. Ons kon weer by ons kompanie



Sktr P D Pretorius



aansluit.

En so het ons dan einde 1984 uitgeklaar. Die aanpassing in siwwie lewe was moeilik. Hoe verder die tyd aangestap het, hoe meer het die hele Askari gedoente vir my al hoe meer onwerklik geraak. Tot op 'n punt waar ek oortuig was dat Cuvelai net 'n nare droom was. Ter wille van helderheid het ek besluit om die grafte van die Askari gesneuweldes te gaan soek. Al sou ek net een graf kon opspoor, sou ek weet dat alles werklik was. Dit was om vir myself te wys alles het werklik gebeur het en ek nie heeltemal gek is nie. Ek moes weet. By die eerste twee grafte (Roets en Pearson) het ek nie eintlik aan die res van die mensdom gedink nie. Maar toe besef ek dat daar baie ander mense is wat ook wonder, net soveel naasbestaandes wat dalk nie die vermoë het om by die grafte uit te kom nie.



Dit was die begin van dekades van grafte soek. Die verwaarlosing van die grafte oor die land versprei het my diep geraak. Ek het dit my eretaak gemaak om die grafte skoon te maak, die bossies uit te skoffel en blomme op die graf te plaas. Ek het ook deur die ervaring en my handeling te deel, gehoop om van hulle mense wat agter gebly het in die hande te kry, en te laat weet dat ons daar is as daar hulp of iets nodig is.



2/Lt Piet Liebenberg



So hulle kan darem sien hoe lyk alles deur mv die fotos van die grafte. Hier en daar het wel iemand na vore gekom. Ook 'n pa. Ek weet nie of ek hom gehelp het of hy vir my nie, maar het vriende geword. En op 'n manier kan ons mekaar gesond maak of beter laat voel.

Aanvanklik het ek gedink daar was 17 gedood in Askari. Ek dink ek het die name op die 4 SAI Bn herin nerings muur getel en vergelyk met die name op die memorial by die oorlog museum. Maar nou ja, ek was verkeerd, iewers het ek die amptelikke verslag in die hande gekry. Daar is amptelik 24 opgeskryf as DIA. Maar dis einlik 24 +1, ene Schonenberg (jammer as ek verkeerd spel) het eers onlangs by gekom. Hy is die man wat in die sand storm dood gery is. Sy naam is op 61 Meg memorial by die museum.



Ek wou graag die 24 op 'n manier vereer. Toe laat ek 'n Poppy sticker maak met die nommer 24 op en dan Ops Askari en Lest we forget daarop. So het het ek die plakkers op my motorfiets gesit. Ene op die tenk sodat dat ek die plakker heeltyd kan sien.

Ek is oor naweke 'n baie ywerige motorsport fotograaf wat meesal motorfiets renne afneem. Toe dink ek op 'n dag; hoekom vra ek nie die ryers en ook die renkar bestuurders om poppies op hulle voertuie en ook die motorfietse te sit nie?. Die idee is om 'n "living" memorial te bou. Met elke plakker wat ek uitgedeel het, kon ek ons storie vertel, jonk en oud. Ek glo hulle sal nou verder die storie vertel.

By die internasionale byeenkoms by Phakisa en Redstar het Michael Dunlop (21 keer titels gewen by Isle of Man) bygedra dat my Facebook Racing groep tot 470k impressions geklim het . Ek het die stats gery om die Poppy te adverteer. So het 'n hele paar van ons ryers die plakkers opgesit. Daar is so drie wat altyd die plakkers op het of hulle wedren ry of nie.

Die opwindende ding was toe onse AJ Venter ,self 'n Isle of man ryer, die plakkers op sy fiets gesit het. Die poppy en die herinnering van die gevallenes is aan



baie baie mense bloot gestel.

Ek voel nederig en blessed. Die rooi Poppie vir almal wat in oorloë geval het en die 24 vir Ops Askari. Lest we forget en ek is dankbaar dat mense nog na 'n ou soldaat se dinge wil luister.







Sktr G A Lennox





L F Pearson





GP Le Roux se graf te Cullinan.

Die begrafplaas se hek was gesluit. Vaune Everington was vasbeslote om in te kom. Die was Kersdag 2021. Hy het toe maar vir die begrafplaas 'n tune gespeel. Daar is 'n infanteris in die kind



Shawn Pretorius



Die graf van M C Smit in Ladybrand.



Die begrafplaas in Ladybrand lyk maar woes. Het gedink ons gaan sukkel maar ons het die graf darem onder 'n uur gekry.



Ek en Vaune Everington het skoongemaak so goed ons kon. Ons wou nie die gras uitgrawe nie, die be grafplaas is lelik genoeg . 'n Bietjie groen gras en 'n paar veldblomme laat dinge 'n bietjie beter lyk. Op die man se grafsteen word 61 genoem. Tot dusver was





meeste grafte wat ek besoek het 4 SAI (Askari) gesê. Snaaks genog het ons die regte hemde aangehad vir 61. In elk geval goeie woorde is gesê en n gebed vir die agtergeblewenis. Blomme is geplaas (ek dink dis wilde blommetjies ,het hulle sommer in begrafplaas gepluk). Dit was n lang dag maar ek is dankbaar dat ons dit kon doen.

Attie Van Der Walt

Baie dankie, my onbekende vriend! Smittie, glo my, het jou onbaarsugtige daad gesien! Nes hy 'n onmoontlike klein mannetjie was! Ek het destyds vir Smittie opleiding gegee! Was destyds vir my baie erg om sy bebloede kit van sy voertuig te loop afhaal! Sy brains het nog aan die staaldak vasgesit! Moes Smittie se brains van my hande afspoel! Maak steeds seer, Boeta! Hoe de moer verwerk mens dit??

Kyk hoe mooi is Dave Muller se gerestoureerde "me morial" motorfiets met die Poppy 24 Askari.

Eugene Liebenberg



Dave Muller, has rebuilt this bike in memory of the Askari soldiers that gave their lives. He will be display ing it at the monthly meeting if the Classic bike club in Tara Road bluff from 12h30 to 17h00. It is a very en tertaining afternoon. The category bikes to qualify to go on show are bikes from the Rising Sun built before 1979, and there is always various makes of bikes that the members ride to the club.

A fantastic and honourable achievement Dave. Salute my brother. We will remember them.

Robert Torrani



61 Mech Exco is busy developing a 61 Mech Ops Askari special numbered commemorative coin for the 40 years anniversary since the Ops took place. Below is a draft proof of the envisaged coin. The series number will be done below the 61 Mech VA emblem.

Manus Myburgh





Information and set up by Dudley Wall.

Vriende tot in die Dood

Die term "Boesemvriend" dateer uit die laat 1500's. Destyds het die boesem na die bors verwys as die setel van diep emosies. 'n Boesemvriend is dus iemand met wie jy hierdie diep gevoelens kan deel.

Uit die Bybel kry ons die voorbeeld van die boesem vriendskap tussen Rut en Naomie. Dawid en Jonathan was boesem vriende. Streng gesproke moes hulle vyande gewees het. Jonathan moes die troon opvolger van sy vader Saul gewees het, Maar Dawid sou die troon opvolger wees. Toe die nuus van Saul en Jonathan se dood aan hom oorgedra is het hy hulle in die "Booglied" besing, (25) Hoe het die helde geval diep in die geveg! Jónatan lê verslaan op jou hoogtes. (26) Ek is benoud om jou ontwil, my broer Jónatan! Jy was vir my baie lieflik; jou liefde was vir my wonderliker as die liefde van vroue. (27) Hoe het die helde geval en die oorlogswapens verlore gegaan! (2 Sameul: 1).

Of in die epiese gedig "The Epic of Gilgamesh" die vriendskap van Gilgamesh en Enkidu,

Hegte vriendskappe is ook in die Bosoorlog gesmeë. Sommige sal 'n leeftyd hou, ander weer het na uitklaar datum vervaag en verdwyn. Dit is dus besonders om van twee gevalle in die 61 Meg geskiedenis te lees van boesem vriende wat voor die militêr reeds hegte vriende was. Wat dit verder uniek maak; as hulle saam in dieselfde eenheid ingedeel word. Maar besonders is die verhaal as hulle saam sneuwel in die oorlog. Dit is die verhale van:

Roberto Nicola de Vito (19) van Boksburg en Andrew Madden (19) van Benoni.

Christo François Bezuidenhout {Boesman of Bushie} (20) en Jameson Bossé (19) van die Abraham Kriel Kinderhuis.

Roberto Nicola de Vito (19) van Boksburg en Andrew Madden (19) van Benoni. Ops Sceptic - Smokeshell



On 10 June 1980 thirteen young men from 61 Mechanised Battalion Group and 1 South African Infantry Bat talion. They were Killed in Action or Died of Wounds during the attack on the SWAPO/PLAN Smokeshell Base complex during Operation Sceptic in Southern Angola. Their Ratel vehicles were systematically engaged and knocked out by a Soviet 23mm ZU 23 2 deployed together with three Soviet 14,5mm ZPU 1 Anti Aircraft Guns, all being used in the ground defensive roll.

BOESEMVRIENDE SAAM OP GRENS DOOD

Eie Beriggewer

JOHANNESBURG. — Twee van die soldate wat aan die grens in 'n skermutseling met terroriste gesterf het, was boesemvriende wat mekaar reeds op skool leer ken het. Hulle is Roberto Nicola de Vito (19) van Boksburg en Andrew Madden (19) van Benonl.

Andrew se ma, Sally (44), ly aan suikersiekte en was gister in 'n baie slegte toestand. Haar een seun het pas teruggekeer van die grens af, nou is Andrew daar dood en in Julie moet die jongste Weermag toe.


Sburg "Die skok van Andrew se" van dood en die vooruitsig dat Hugh (18) my jongste seun,

binnekort met sy opleiding begin, kan dalk veroorsaak dat my vrou se skok vererger en sy in 'n koma raak."

Mnr. Jim de Vito (49)
pa van Robert, moes gister
deur 'n dokter behandel
word. Sy vrou Ailsa (39)
het die pers te woord gestaan en gesê dis vir hom 'n

·bittere slag.

Die jong Madden en De Vito was volgens hul families boesemvriende wat oor en weer bymekaar gekuier het. Hulle het saam hul diensplig begin en Andrew se pa sal vandag met die De Vitos gesels oor die moontlikheid dat die twee saam begrawe word.





19. He was standing up in the left side hatch throw ing hand grenades into enemy positions when he was struck by a burst of 14,5mm Anti Aircraft cannon fire that severed him in two, killing him instantly. Unfortu nately, a M26 hand grenade he was about to throw, fell through the hatch and exploded inside the Ratel.

7395813BG Rifleman Roberto Nicola de Vito. He was

76325646BG Rifleman Andrew John Madden. He was 19. He was critically wounded in the neck and back by shrapnel from the exploding grenade. He received expert medical attention in the field and was evacu ated from the area but succumbed to his wounds at 20h00 that evening, approximately 5 hours after being wounded.



10 June 1980

Call sign 9G, 10 June 1980 Shot out by 23mm and 14.5mm with a resulting hand grenade explosion inside. Happened during the attack on the SWAPO Smokeshell Base complex during Ops Sceptic.





Christo François Bezuidenhout {Boesman of Bushie} (20) en Jameson Bossé (19) van die Abraham Kriel Kinderhuis.



40 Jaar gelede: Gedenksteen eer die lewens van twee Volkies wat in Grensoorlog sterf

Operasie Phoenix

Dit was 'n bekende strategie van SWAPO om gedurende die reenseisoen sy spes magte na die boerdery gebied suid van die Owambo grens en die Etosha wildtuin te infiltreer om aanvalle teen die plaaslike bevolking te loods.

61 Meg Bataljon Groep het dan onder bevel van Sektor 30 met sy hoofkwartier op Otjiwarongo ondersteuning aan die SWA Polisie en Areamageenhede (Kommandos) gebied om in militêre optrede teen hierdie infiltrasies SWAPO se aanslag die hoof te bied. Bo en behalwe die gebruiklike soek en vernietigings operasies was klein groepies van 2-3 man op plase ontplooi om beskerming aan gesinne en plaaswerkers te bied.

Gedurende die eerste vyf weke van Operasie Phoenix was daar geen aksie in 61 se verantwoordelikheids gebied nie. Die Etosha wildtuin was aktief gepatrolleer maar is geen spoor van enige vyand gevind nie.

Gedurende hierdie periode was 'n plaas in die boerdery gebied aan ons oostekant aangeval en twee kanoniere (artilleriste) wat ontplooi was vir plaasbeskerming, anonniers C. F. Bezuidenhout en J. Bosse, word dood geskiet.

Op Sondag 6 Maart 1983 het tussen ses en tien Swapo terroriste Christo Francois Bezuidenhout (Boesman of Bushie) en Jameson Bossé op die gasteplaas Vergenoeg oorval. Die eienaar het hulle gehuisves in 'n chalet buite die veiligheids omheining. Hulle het gesit en kaart speel met net hulle swart PT broeke aan. Hulle is op teregstelling styl doodgeskiet. Na hulle dood het spoorsnyers afgelei die Swapo's het hulle





vir 'n rukkie dopgehou by die chalet. In die opvolg operasie iis die hele groep Swapos gejag en gedood. Vergenoeg is naby Oshivelo op die regterste onderkant van die Etoshapan geleë, omtrent 112 km noordwes van Tsumeb en onder die rooilyn van destyds. Hulle was boesemvriende, saam in Abraham Kriel Kinderhuis, saam in Potch Hoër Volkskool, saam in die Weermag, saam op die grens, saam kaart gespeel en saam gesterf.

Boesman en Jameson het die plaas bewaak in opdrag van die Suid-Afrikaanse Weermag. Hulle is op kort afstand teen 'n gebou buitedie veiligheidsheining van die plaas, geklee in hul PT-broeke en besig om kaart te speel, vermoor. Hulle twee is direk na skool Weermag toe.

Boesman was 20 jaar oud toe hy 14 dae voor sy mondigwording doodgeskiet is. Jameson was 19 jaar oud. Die gebroke huise waaruit hulle gekom het, het hulle saam in die Abraham Kriel Kinderhuis op Potch geplaas. Boesman was hoofseun en Jameson onder hoofseun van die Abraham Kriel Kinderhuis op Potchefstroom. AJbei net in 1981 aan die Hoër Volkskool gematrikuteer. Beide was uitmuntende rugbyspelers. Boesman 'n skrumskakel en Jameson 'n buitesenter. Beide het vir Wes-Transvaal se Cravenweekspan gespeel. Beide het in 1982 aangemeld vir diensplig en is as artilleriste opgelei.



Mental Health

The Construction Of Meaning In Spatial Settings

Nicky Dickson

The third insight is related to the core weakness of any authoritarian society where people are afraid to tell the leader what he doesn't want to hear. We have seen this pattern repeat itself time and again. Effective military leaders always surround themselves with experts capable of giving them advice, typically from dissenting views. Authoritarian leaders are intolerant of dissent, and so they are seldom given information that differs from the opinion they already hold about a given topic. Too many people are falling out of high buildings in Russia, or succumbing to poison, to create a safe enough space for a senior officer to dissent by pointing out a critical flaw in the plan of the autocrat. Saddam, Hitler, and Putin were all unwilling to hear dissenting views, and so their plans remained inflexible, and ultimately failed.

The fourth insight is related to the depth of resentment that the citizens of the former USSR states have towards Russia. Remember that the tanks were inserted into Prague precisely to supress an uprising in 1968. The feelings that ordinary citizens have towards

Russia is not one of warmth. On the contrary, I would go so far as to say that Russia is feared by the citizens of the former USSR, even to the point of being hated. We must not make the mistake of believing that a leader in one of those satellite states represents the best interest of the citizens. To understand this, we must think differently about Russia as a mediaeval society based on strictly enforced feudal hierarchy. Putin has forced order onto an unwilling populace, but in so doing he has empowered what used to known as the Boyars, now known as the Oligarchs, who are nothing more than feudal warlords. They are gangsters with Armani suits, meting out the most primitive form of justice imaginable, and they are certainly not popular in their own sphere of interest.

Which leads me to my fifth insight. The South African government has made a decision to openly side with Russia, a pariah state. In so doing, we have lost all moral high ground that was occupied from 1994 until the recent past. South Africa has chosen to become a member of that pariah community, and this has consequences. I am firmly of the opinion that targeted economic sanctions are coming from both the USA and the EU, aimed specifically at enablers and elites within the ruling ANC SACP Alliance. People with business exposure to any of this are now at risk, so all I can say is take heed and develop a circuit breaker to insulate your own financial interest from those of the ruling elite.

Finally, we need to ask whether an embattled Putin will resort to nuclear weapons? I think the answer to that is not a simple one. If Putin was a rational actor, then he would know that any use of nuclear weapons would immediately result in overwhelming retaliation. If I were to make a judgement call, I would say that Putin is not a rational actor, so he might well consider the nuclear option. In this regard we need to take comfort from the billions of Dollars invested into the most sophisticated intelligence operations known to mankind, all targeting this one single issue. By this I mean that the combined intelligence services of NATO, and the rest of the Free World, will have penetrated the Russian chain of command at multiple levels. If NIS could do it to Cuba in the 1980s, then so much more can the CIA, MI6, Mossad, BND, SDECE and litany of other sophisticated Services do the same. A very high probability exists that NATO Governments will know, before the strike is ordered. The analogue here is a famous case that occurred during the Cuban Missile Crisis, when a Russian intelligence

officer known as Colonel Oleg Penkovsky, defected to MI6, and provided the affirmation needed to reduce tensions by closing the gap of uncertainty. Penkovsky was eventually assassinated, for Russia does not tolerate defectors, but the citizens of the Free World owe him a huge debt of gratitude, even if the average person has never heard his name. Today, I am convinced, that many modern generation Penkovsky's are being handled by NATO Services, and from those high value sources' governments will get what they need to know, to protect their citizens.

In conclusion, I am proud of my operational service as an intelligence officer. In NIS, we were part of something way bigger than ourselves as individuals. We made a difference, and we developed deep insights into complex strategic matters that impacted on the daily lives of millions of citizens. We served with integrity, and we asked for no recognition.



Veterane Vaardighede uit die Militêre Handboek

Laer Vlak Bevel - En Beheer Vaardighede (LBBV)

Dit was 'n kursus wat aangebied was vir Junior Leiers (JL) tydens opleiding en ontplooiings tydens die Bosoorlog. Dit was vir die ranggroep Korporaal (Pl Sers and the Pl O/O) en die 2/Lt (Peloton bevelvoerder). Die term "laer vlak" verwys nie na die eenvoud van die kursus nie. Maar verwys eerder na die vlak waarop die peloton se leiergroep hierdie vaardighede moes aanleer. Hoe om met mense te werk. Dit is waarom die JL's die ruggraat van die weermag genoem is. Alle range daarna, d.i. die kompanie- en bataljongroep bevelvoerder. Hulle bestuur organisasies. Die majoor het drie tot vyf pelotons met elk deur sy diensplig leiergroep JL's bestuur. Die Bn Bev weer het sy sub eenhede. Maar die vlak waarop die JL's beweeg het was dit mensekennis wat getel het. Van hierdie kort resepte uit die LBBV is net so van toepassing op die direksievlak van 'n groot maatskappy as in die peloton of seksie.

Teen hierdie agtergrond kan ons aanneem dat die Militêre Veteraan (Mil Vet) op dieselfde tema 'n leier vir sy kinders, vriende van sy kinders, sy kleinkinders... is. Die beginsels is fundamentele waarhede wat 'n mens met sukses in alle vlakke van die lewe kan gebruik. In hierdie artikel plaas ons 11 van die 22 modules. Dit is saamgestel uit die kursusnotas van Maj Stephan Henrico oor die kurrikulum uit die LBBV Handboek gedurende die '80's – tydens die hoogtepunt van die Bosoorlog en die Nasionale Diensplig era.

Die betekenisvolle figuur in die gesin is die vader of oupa figuur. Die gesin is 'n saamgeweefde sosiale groep gebind deur bloedbande en / of sterk emosionele en liefdesbande. Om hierdie harmonie tot almal se voordeel te ontwikkel, verg volgehoue aandag. Die ouers is die rolmodel wat rigting gee aan die kinders se verkenning van die wêreld. Die uitbouiung van hierdie vaardigheid bepaal die lewens kwaliteit van die gesin en het 'n invloed op die geslagte daarna. Die kind leer die wêreld ken deur die oë van sy ouers, en word geleidelik meer selfstandig tot volwassenheid.

Die rolmodelle in die gesinslewe bepaal uiteindelik die lewensbalans van die individuele gesinslede.





Hoe Om Samewerking Te Verkry

As ouer of enige ander vorm van die betekenisvolle figuur in die gesinslewe, is jy die leier van die trop. Dit is jou voorreg en roeping om die lede in jou familie te lei tot gebalanseerde individue. Die proses is een

van groei. In die begin fases word wenslike gedragspatrone afgedwing. Soos die lede groei op die pad na volwassenheid is die verkryging van vrywillige samewerking toenemend meer belangrik.

Stel die behoefte aan samewerking met verwysing na die familie doelwitte.

Sê duidelik dat jy hulle hulp nodig het.

Dui aan dat samewerking noodsaaklik is.

Dui die persoonlike voordeel vir die deelnemer s gesin aan.

Noem die bydrae wat van elke deelnemer verwag word.

Skep die geleentheid vir kommentaar en vrae.



Meg Mekkie Sê

Hoe Om Saam 'n Oplossing Vir 'n Probleem Te Bereik.

Ons word dikwels gekonfronteer met probleme waarvoor ons nie altyd 'n oplossing kan vind nie.

Soms het ons probleme wat nie binne die familie groep opgelos kan word nie. Dan is dit handig om buite die familie te netwerk vir moontlike oplossings.

Stel die kern van die probleem kort en duidelik.

Wys die raadgewer daarop dat dit 'n gedeelde probleem is.

Sê dat bystand vir jou belangrik is met die klem op die deelnemers se vermoëns.

Vra vir voorstelle.

Luister na elke voorstel sonder onderbreking.

Spreek vertroue uit in die sukses van samewerking.

Besluit saam oor die beste oplossing.

Bevestig dit wat jy gehoor het deur dit te herhaal.

Druk waardering uit vir die feit dat samewerking suksesvol was



Hoe Om Vir Raad En Inligting Te Vra

Niemand is alwetend nie. Daar is baie dinge wat se antwoorde buite die familie se kennis is. Elke familie lid het die verantwoordelikheid om kennis en raad in te win.

Maak seker wat jy presies wil vra. Sal jou vraag die kern van die probleem vasvat.

Bepaal wie is die beste persoon om te nader.

Is die advies wat jy verlang gekoppel aan familie doelwitte.

Beklemtoon dat jy die raadgewer se vaardighede om die probleem op te los vertrou.

Stel jou behoefte duidelik en kortliks,

Luister aandagtig en maak aantekeninge.

Bedank die persoon vir sy/haar tyd en aandag.



Meg Mekkie Sê

Hoe Om 'n Taak Doeltreffend Te Delegeer

Die take in die familie kan slegs doeltreffend wees as die hele familie meehelp. Daarom is dit belangrik om take te verdeel sodat dit eweredig en binne die familkielid se vermoë is. Dit

gebeur ook dat take herverdeel word. Dit kan slegs bereik word deur die mannekrag tot jou beskikking doeltreffend te benut. Dit beteken dat jy moet kan delegeer.

Ontleed die taak in terme van wie wat kan doen.

Besluit wie die werk gaan doen.

Beskryf die algehele taak en doelwit.

Wys uit hoekom die persoon die beste is vir die taak.

Stel jou vereiste en definieer sy haar gesag.

Bespreek moontlike planne om te verseker dat die taak behoorlik verstaan word.

Besluit saam op 'n tyd vir voltooiing.

Spreek vertroue uit in sy suksesvolle uitvoering van die taak en stel jouself beskikbaar vir raad en inligting





Hoe Om Take Toe Te Ken

Vir die familie groep om goed te fungeer moet lede met take toegeken word. Dit kan wissel van kort tot langtermyn take. Wanneer jy take toeken dan kommunikeer jy. Om doeltreffend te kommunikeer moet instruksies akkuraat wees.

Bepaal duidelik wat jy met die instruksie wil bereik.

Identifiseer die elemente van die instruksie. (Wie, Wat, Waar, Wanneer, Waarom, Wat daarna) (W,W,W,W,W,W)

Verseker jy het die onverdeelde aandag van die persoon.

Ken take duidelik en kortliks toe in ooreenstemming met die elemente en in volgorde van uitvoering.

Maak seker dat die instruksie ontvang en verstaan word.

Moedig vrae aan.

Inkorporeer 'n opvolgprosedure in die opdrag.

Beklemtoon dat jy altyd bereid is om raad te gee of vrae te beantwoord.



Meg Mekkie Sê

Hoe Om Instruksies te Ontvang

As deel van die familie sal jy daagliks instruksies ontvang wat jy sal moet uitvoer of toesien dat dit uitgevoer word. Die manier waarop jy na opdragte luister en verstaan is belangrik.

Luister aandagtig na die opdrag en sy besonderhede.

Toets die opdrag aan die elemente van uitvoering (W,W,W,W,W,W).

Vra verdere besonderhede oor die elemente wat nie vir jou duidelik is nie.

Herhaal die opdrag sodat die persoon wat dit gegee het kan oordeel of jy dit verstaan of nie.

Maak seker dat jy terugvoer gee soos jy met die taak vorder.





Hoe Om Verandering Te Implementeer

Die lewe verander voortdurend. Nuwe lede in die familie, die familie se inkomste en vele ander. Verandering verg dat die familie lewe ook voortdurend aanpassings moet maak.

Hierdie aanpassings lei daartoe dat die optrede van lede ook moet verander. Daar sal dikwels van jou as die hoof van die huis verwag word om jou familie aan veranderinge bekend te stel. Dit is 'n feit dat mense nie altyd veranderinge sonder vrae aanvaar nie, veral veranderinge wat die lid persoonlik raak. Dit is noodsaaklik vir gesagsfigure om veranderinge in te voer en te implementeer op so 'n manier dat die familie nie weerstand daarteen opbou nie.

Stel die verandering bekend.

Verduidelik die rede vir die verandering in terme van familie doelwitte.

Verduidelik die besonderhede van die verandering.

Verduidelik aan die lede hoe die veranderinge hulle sal raak.

As die verandering verskillende aksies vereis, gee aan elkeen volledig instruksie oor wat van hom of haar verwag word.

Vra oor en luister na probleme wat as gevolg van die verandering voorsien word en betrek die persoon wat enige probleem noem by gesamentlike probleemoplossing.

Versoek familielede vir hul hulp om 'n sukses van die implementering van verandering te maak.



Meg Mekkie Sê

Hoe Om Weerstand Teen Verandering Te Oorkom.

Wanneer verandering in die familie plaasvind kan onsekerheid veroorsaak dat die verandering teëgestaan word. Hierdie weerstand veroorsaak ongelukkigheid wat tot alle vlakke van die

familie kan deursuur.

Identifiseer die individu wat weerstand toon.

Vra hierdie lid om sy/haar probleem te formuleer en luister met begrip.

Probeer om die probleem op te los deur individuele behoeftes in ag te neem.

Beklemtoon die behoefte aan verandering in terme van familie doelwitbereiking.

Gee bykomende instruksies indien nodig.

Druk vertroue uit in sy/haar bereidwilligheid om sy haar persoonlike weerstand aan dié van die familie ondergeskik te stel.

Wys duidelik daarop dat dissiplinêre aksies sal volg op voortgesette weerstand.

Neem dissiplinêre of regstellende stappe.

Regstellende dissiplinêre aksies sal dit verseker.

Foute word betyds reggestel en sodat energie nie onnodig vermors word nie.


Prosedures word aangeneem om herhaling van die foute te voorkom.





Hoe om Opbouende Kritiek Te Gee.

Soos gesinslede groei in hulle lewensfases volg elkeen sy gekose paadjie. Daarvoor het hulle raad en bystand nodig. Dan word dit soms nodig om hulle gedrag te kritiseer.



Erken die lid se gewilligheid om die aksie korrek uit te voer.

Noem die verkeerde optrede sonder om die foute te bespreek.

Demonstreer/bespreek die korrekte optrede en wys die voordeel(e) uit.

Gee geleentheid vir oefening en gee erkenning as die korrekte optrede plaasvind.

Herhaal die proses indien nodig.



Meg Mekkie Sê

Hoe Om Verkeerde Gedrag/Dade Te Hanteer

Om te groei is om te eksperimenteer. Jy sal vind dat jou familie se gedrag en handelinge soms sal afwyk van die korrekte. Hoe verder hulle toegelaat word om sonder teëspraak af te wyk,

hoe moeiliker raak dit om hulle weer in lyn te bring. Daarom moet jy as die verantwoordelike familielid dit so gou moontlik kaanspreek. Die aansporing van die korrekte manier kan hulle motiveer om vanself op die regte manier op te

Wys die verkeerde gedrag/aksie uit.

Sê duidelik waarom dit onaanvaarbaar is.

Gee onderrig in die korrekte gedrag/aksiegedrag.

Beklemtoon hoe die familie doelwitte deur die korrekte gedrag baat vind.

Wat is die persoonlike voordeel as gevolg van korrek te gedrag.

Dissiplinêre optrede wat sal volg op voortgesette ver keerde gedrag.

Indien die korrekte aksie/gedrag plaasvind, spreek uit druklike goedkeuring uit, indien nie, tree dissiplinêr op.





Hoe Om Tugstappe Te Neem

Dissiplinêre optrede is noodsaaklik wanneer die optrede van 'n familielid teenstrydig is met die algemene doelwitbereiking. Dissiplinêre stappe is deel van jou plig as gesaghebende volwassene. Jou optrede moet egter

redelik wees en gekoppel wees aan die bevordering van familie doelwitte.

Wys die oortreding uit.

Gee die oortreder die geleentheid om sy saak te stel en luister aandagtig daarna.



Meg Mekkie Sê

Beklemtoon dat die oortreding bots met die familie doelwitte.

Neem die oortreders se verduideliking in ag by die bepaling van die aard van straf.

Maak seker dat die straf toepaslik is vir die oortreding.

Straf die oortreding en nie die oortreder

nie.

Spreek vertroue uit dat gedrag in die toekoms korrek sal wees.

Maak seker dat die oortreder nog steeds die familie se liefde ervaar.


Advertisement Kindly support the supporters of 61 MVA



Crossword Puzzle (P87)

Answers	
Across	Down
1. TIFFIES	2. SIXINLINE
7. ASKARI	3. OMUTHIYA
8. TOWBAR	4. OPSMEDIC
9. BUFFEL	5. CHESTBOX
10. OPERASIEMODULER	6. FLOSSIE
13. PROTEADAISY	10. OPERATIONREINDEER
15. TOFFIEGROVE	11. LOGISTICS
18. MOBILITATE	12. RATELSS
19. STEPOUT	14. MERLYN
20. SPAREWHEEL	16. BUSSING
21. MIDDELBURG	17. RATEL
22. SARGENELL	23. VILJOEN
24. VUURGORDEL	25. UPINGTON
27. OPPIE	26. RUNFLAT
28.LOMBA	

Lessons from "The Infantry Platoon in Battle" Tony Savides



CARE OF MEN

The first responsibility of all commanders is the care of their men. A sense of comradeship between all ranks should be encouraged.

As far as the essential needs of security allow, men should always be kept informed of the latest situation. They will work better for knowing what they are doing and why they are doing it. The commander must continually look after his men's interests and welfare. He should see that they are as comfortable and as well cared for as the situation allows and that their duties are fairly divided.

MORALE

Morale is founded on discipline, leadership and self-respect.

It is the degree of confidence in the mind of a soldier when he identifies himself with a group, accepts its aims and works hard to achieve them.

In a platoon, a soldier's morale means how he feels about himself, his job and the rest of his platoon. If he feels that he is accepted as a member of the platoon, that he is a useful member of it and has a worthwhile job which he does well, the chances are that he will be a happy and enthusiastic soldier.

If all the members of a platoon feel like this and are well trained and well led, they will pull together as an efficient team. Each and every man will be determined to avoid letting down either his own friends or the reputation of his platoon, company or battalion. His morale will be high.

LEADERSHIP

Leadership amounts to winning the confidence and co-operation of men to such an extent that they will readily and cheerfully undertake any task given to them.

Men expect their leaders to set a good example in every way, to be efficient, just and genuinely interested in their personal welfare.

Leaders will not gain the confidence of their men unless and until they measure up to these standards.

DISCIPLINE

Discipline helps the soldier to overcome fear and fatigue. It is founded on self respect, self control and a sense of duty.

It enables the soldier to carry out orders without regard to his own safety in the interest of the other members of his platoon. It calls for high standards of leadership.

Good discipline results as much from cheerful co operation as it does from sheer obedience.

If morale is high, many a man will impose a much more exacting discipline on himself than anyone else can impose on him.



ADAPTED FOR A NON-MILITARY ENVIRONMENT.

CARE OF PERSONNEL

The first responsibility of all managers is the care (welfare) of their personnel. A sense of comrade ship at all levels should be encouraged. (Despite the modern trend, people are not a mere Human Re source!)

As far as the essential needs of security and confiden tiality allow, personnel should always be kept informed of the latest situation (regarding the aims and objec tives of the organisation and how they will affect the personnel). They will work better for knowing what they are doing and why they are doing it. The manager must continually be interested in his personnel's inter ests and welfare. He should see that they are as sui tably trained, properly accommodated (with all the means and m idles necessary for their work) and as well cared for as his duties dictate and as the situation allows. Duties must be equitably divided according to the responsibilities, accountability, roles, functions and ability of each – which may differ.

MORALE

Morale is founded on discipline, leadership and self respect.

It is the degree of confidence in the mind of a person when he or she identifies with the group, accepts its aims and works hard to achieve them. Good pay might help but is seldom a key factor. Job satisfaction often leads to high morale.

In an organisation, a person's morale means how he or she feels about himself or herself, his or her job and the rest of the organisation. If he or she feels that he or she is accepted as a member of the organisation, that



he or she is a useful member of it and has a worthwhile job which he or she does well, the chances are that he or she will be a happy and enthusiastic worker.

If all the members of an organisation feel like this and are well trained and well led and managed, they will pull together as an efficient team. Each and every person will be determined to avoid letting down either his or her own friends or the reputation of his or her section, department or the organisation itself. His or her morale will be high. High morale and loyalty are mutually dependent, even mutually inclusive.

LEADERSHIP

Leadership amounts to winning the confidence and co operation of personnel to such an extent that they will readily and cheerfully undertake any task given to them , i.e. do what they were hired and are paid to do!. Management does not always equate to leadership but should do. Managers at every level are, after all, supposed to be leaders!

Personnel expect their leaders to set a good example in every way, to be efficient, just and genuinely interested in their personal welfare.

Leaders (i.e. managers) will not gain the confidence of their personnel unless and until they measure up to these standards.

DISCIPLINE

Discipline helps workers to overcome anxiety and fatigue. It is founded on self respect, self control and a sense of duty.

It enables the worker to carry out instructions or his work without regard to own needs in the interest of the other members of the organisation, and of the organisation itself. It calls for high standards of leadership.

Good discipline results as much from cheerful co operation as it does from sheer obedience. It depends greatly on mutual respect, co operation, fairness and reciprocal loyalty.

If morale is high, personnel will impose a much more exacting discipline on themselves than anyone else can.

Die Diere Van Omuthiya

Daar is geen tekort aan stories oor troeteldiere tydens die Bosoorlog nie. Byna elke basis het sy kwota van een of meer gehad.

Op Rantsoensterkte

So was daar Bevare Seehoender Kiepie te Makalani Basis (Oshakati) wat aangedring het op sy sopie bier per dag. Die Recce's se leeu Terry te Fort Doppies. Dan die leeu "Tosca" te Oshakati.

Daar is tientalle verhale oor nagapies. Die hond "Fapla" op Elundu wat saam patrolie gestap het. Reptiele - van slange tot verkleurmannetjies. Die mak uil wat in Ondjiva se siekeboeg ingeboek het.

Die donkie genaamd "Tiffy" te Oshivello wat elke aand sy kwota bier gekry het. Dan 'n liter melk soggens vir sy babelaas.

Die blou apie by 'n Swapo groep wie se gehoor so skerp was dat hy 'n helikopter kon hoor aankom lank voordat die menslike oor dit kon hoor. Hy was die Swapo groep se "radar" en helikopter verklikker.

Die Lugmag Pos te Rundu se kat "Ballas" wat later met eerbewys en grafsteen sy rusplek gevind het. 25 Veldgenie se aap genaamd Jab.

Sodoliet in Kaokoland se bok wat verslaaf was aan sigarette... Hy het dit nie gerook nie, maar geëet.

Ruacana se mak vark. Hy was soos 'n hond, maar het alle parades opgeneuk deur die sammajoor aan die kuit te byt.

201Bn Omega se witborskraai wat die basis op horings kon neem. Waarskynlik het hierdie kraai oorsprong gegee aan die battaljon se pet kenteken.

Die Diere van Omuthiya

Die 61 Omuthiya Basis kan self spog met 'n indrukwekkende versameling van Fauna.

Die Olifantkalf

Thys Rall

Die olifantkalf se verblyf was kortstondig, maar is vermeldbaar. Thys Rall onthou uit die jaar 1979 80 hoe 'n paar troepe 'n olifantkalfie in 'n Ratel geprop het terwyl die kalfie se ma daar naby protes aanteken daarteen. Hy vra hulle toe wat hulle presies in gedagte het met hierdie handeling. Hulle antwoord was dat hulle hom Omuthiya toe gaan vat as troeteldier. Thys het dit toe nodig gevind om ook die groter prentjie onder die aandag hierdie olifant temmers te bring deur hulle aandag te vestig op die feit dat die ma van hierdie kalfie nie behoorlik gekonsulteer is hieroor nie. In reaksie op haar kalfie se noodkrete kan sy moontlike verskriklike skade aan die basis aanrig wat al die harde werk om die basis te bou ongedaan kon maak. Hulle is toe streng, kort en kragtig beveel om die kalfie met onmiddellike effek sy vryheid terug te gee.

Die Zebra

Kmdt J Dippenaar.

Met Omuthiya so naby aan die Etosha-wildreser-



vaat, was dit geen verrassing om 'n zebra kalf tussen die soldaat se tente te vind nie. Dit was nie baie lank voordat die zebra bederf en baie stout geword het nie. Die zebra het graag die kombuis besoek. waar hy vars groente gekry het.

Hy het die gewoonte ontwikkel om op een van die sementpaadjies tussen die tente te gaan staan. Alle nie-rangdraers kon vrylik verby hom beweeg. Hy het egter rangdraers uitgesonder. Hy het hulle nie verby laat kom nie. Met 'n vertoon van tande en maanhaarskud het zebra hulle verplig om eerder 'n ompad te stap. Hy het veral dit vir Kmdt Dippenaar moeilik gemaak. Sou jy hom probeer wegjaag, het hy sy rug na die persoon gedraai terwyl hy voortgaan om onophoudelik met sy agterpote te skop. Dit was nie 'n lekker ervaring nie alhoewel dit duidelik was dat die zebra die aandag geniet het. Hierdie onaanvaarbare gedrag deur die zebra het gelei tot die opdrag aan die troepe dat hulle van die zebra ontslae moes raak. Dit was eers 'n rukkie daarna dat die waarheid oor sy vertrek aan die lig gekom het.

Die troepe het glo saam met hul vriende by SWA Spes georganiseer om 'n perdesleepwa na Omuthiya te stuur. Die zebra is swart geverf met die kamoefleersalf en daarna deur die plaagbeheerhek by Oshivello vervoer in sy nuwe hoedanigheid as perd na 'n plaas naby Tsumeb. Die zebra het uiteindelik op 'n plaas in die Wes-Kaap beland.

Another version of Zebdonk

Grant Michael Siebert

We called him Zebdonk because he looked like a zebra but behaved like a donkey. I was log officer from about Aug '79 to June '80 and de Villiers was one of my corporals - he was "mom" to Zebdonk and I with my tent-mate Jakes Scholtz (Tpt Officer) were "dad's". We raided the Swa-Spes unit just south of us at night to get supplies for him from their horse unit. True that we dyed him to look like a horse -gave de Villiers pass to fetch his bakkie in the Cape. With the help of the tiffies he built a horse box on the back of the bakkie, but in the end he was injuring himself in transit and was given to a farmer between Omuthiya and Tsumeb.

The Chicken Thief 1979

Cmdt J Dippenaar

Another matter that had the leader group concerned

was the regular complaints by the Local Population (LP) that their chickens were stolen. The information about the truck registration number and time date was always correct, which indicated that there was some truth in the reports. The possibility that there was not enough food for the soldiers was also checked but that was not the reason for the disappearance of the chickens.

Inspections then showed that there was a python held captive in a cage and the chickens were used to feed the python. Again the troops were instructed to get rid of the snake. Their story was that the SPCA would remove the snake but the story that did the rounds was that the python was flown to the "States" in a soldier's trunk (trommel).

Die Aasvoël

Dawid Lotter

Dit moes ongeveer 1982 gewees het wat 61 Meg se troepe 'n jong aasvoël hans grootgemaak het, Hy het tydens die inoefening vir Ops Askari by Dolfyn Basis opgedaag. Hy het besluit dat 82 Bde se behandeling beter was wat hy op Omuthiya ontvang het. Later het hy het terug getrek na Omuthiya waar ek hom weer in Julie 1984 raakgeloop het. Toe was hy uitgegroei en baie lastig. Hy sou vir hom 'n troep teiken en hom dan met sulke hop-hop spronge volg. Met so af en toe 'n geniepsige byt aan dié se kuit. Ek het hom weer te Omuthiya raakgeloop in 1986.

Tydens Februarie 1987 het hy tydens 'n Bravo Komp stalparade vir opwinding gesorg. Hy sou wag todat 'n Rateldrywer oor die enjin kompartement kniel. Dan om met 'n lae invlug op die niksvermoedende drywer se skouer te land. Baie snaaks vir die omstanders maar nie so snaaks vir die teiken persoon nie. Iewers in Mei 1987 het ek hom die laaste keer gesien. Hy het net verdwyn. Op navraag by die buurbasisse te Oshivello het die gebblyk dat hy met sy wye vlerkspan homself doodgeskok het op die hoogspanningsdrade van Eskom. Dit mag wees dat daar meer as een Aasvoël ter sprake is. Maar ek glo dit is dieselfde een van 1982.

Attie die Bobejaan

Die mees berugste dierelid van Omuthiya is sonder twyfel Attie die Bobbejaan. Dit is nie heeltemal duidelik of Attie een bobejaan was en of daar oor die jare ander Atties ook gewees het nie.

Kmdt Gert van Zyl

Die Attie uit die 1980's is na Omuthiya gebring deur Attie Adlem wat hom by die Tsumeb polisiestasie gekry het. Daar is verskeie verhale oor Attie. Attie het sy bier geniet. Wanneer hy egter gesuip geraak het dan het hy op die naaste bed wat hy kon kry gaan slaap. Die bedeienaar moes dan maar vir die nag ander slaapplek kry.

Hy het ook die gewoonte gehad om in 'n tent in te vaar en alles wat hy kon omgekeer veral voor bevelvoerder inspeksies. Toe hy egter een nag in die Opskamer dieselfde truuk probeer het, het Kmdt van Zyl hom uit die basis verban.

John Boulter

Cmdt van Zyl want him out of the unit lines, so I got him and took him down to where the 82 Mech Bde place 20 km away. Thought he would be OK with them, Next morning at 0530 as I drove in he was sitting on the gate. Punched the RSM one day a good shot in the eye, he had a black eye from it.





Die troepe het hom hierdie naam gegee. Hy het het op 'n onwettige wyse deel van die eenheid geword want as 'n reël was dat geen troeteldiere binne die eenheidslyne toegelaat nie. Hy was deur een van die troepe ingesmokkel en aanvanklik weggesteek totdat dit nie meer moontlik was nie. Ek het vir RSM HG Smit opdrag gegee om die bobbejaan uit die eenheid te laat verwyder.

'n Afvaardiging troepe het my egter kom sien en gepleit dat Attie moes bly en ek het toegegee op voorwaarde dat hy nie los mag loop nie, nie kwaad doen nie en beheer moes word. Die voorwaardes was aanvanklik streng nagekom.

Op 'n dag kom kla die spysenier op Omuthiya egter dat daar kos uit die kombuis wegraak ten spyte van die feit dat hy die plek gesluit hou. Die van u wat die kombuisopset op Omuthiya geken het, sal weet van die opening tussen die muur en die dak van die gebou waar geen mens kon deurklim, kos steel en terug klim sonder spesiale klimtoerusting nie.

Nie lank daarna nie kom kla die klerasiestoorman dat klere uit sy stoor wegraak ten spyte van die feit dat die plek gesluit word. Die struktuur van hierdie stoor was soortgelyk aan die van die kombuis.

Ek neem toe in dieselfde tyd waar dat Attie nie meer aan 'n leitou vas is nie maar vry rond beweeg en dinge doen tot groot vermaak van die inwoners van Omuthiya. Ek sit toe twee en twee bymekaar en om 'n lang storie kort te maak vind toe uit dat die troepe Attie gebruik het om hierdie diefstalle te pleeg. Met die klimvermoë van 'n bobbejaan was dit vir Attie kinderspeletjies om sonder hulp deur die opening tussen die muur en die dak te klim en die troepe se behoefte aan kos en klerasie te bevredig.

Hierdie was genoeg rede om Attie summier uit die eenheidslyne te deporteer. Ek gee toe opdrag dat hy gevang word, dit het 'n eenheidspoging geverg, en Attie is uiteindelik bo op die watertoring vasgekeer en gearresteer. Ek het toe AO2 Boulter, die battery sersant majoor opdrag gegee om Attie in 'n voertuig te laai en êrens langs die pad Tsumeb toe, ver weg vanaf Omuthiya, af te laai.

AO2 Boulter vertel toe die storie dat hy Attie in die omgewing van die Oshivello vrygelaat het. Attie het met sy vrylating (hy was glad nie gelukkig met die

toedrag van sake en die behandeling wat hy ontvang het nie en het dit luidkeels te kenne gegee) op die naaste miershoop geklim, geobserveer en die opleidingsbasis van die Infanterieskool by Oshivello waargeneem. Daarna het AO Boulter vir Attie alleen gelaat en vertrek met die wete dat Attie 'n nuwe tuiste by die Infanterieskool se opleidingsbasis sou vind.

Dit was drie dae later dat die hekwag op Omuthiya per radio die Opskamer laat weet dat Attie so pas deur die hek is nadat hy amper die hekwag aangerand het.

Na 'n lang vergadering met die beskermhere van Attie is toe besluit dat hy maar kon aanbly, maar as volledige lid. Sy naam moes op die appélboek kom, hy moes onder beheer gehou word, die eskapades met die kos en klerasie diefstal moes staak en hy moes die eenheid vergesel op operasies.

Attie was saam tydens Operasie Dolfyn en Operasie Askari. Sy lêplek was op die kamoefleernet op die Ratel se spaarwiel. Tydens heg en steg beweging deur digte bos was Attie partymaal meer op die grond as op die Ratel. Hy het egter nie 'n bang haar op sy lyf gehad nie en het nie geglo aan dekking neem tydens vuurgevegte met die vyand nie.

Attie is egter, so was aan my vertel, tydens 'n vyandelike artilleriebombardement naby Cahama tydens Operasie Askari deur skrapnel getref en het so gesneuwel. Hy is met die nodige eerbewys daar begrawe.

1983 - Attie die bobbejaan Sersant-majoor Kobus Kemp

Attie was 'n boosdoener, slinks en slim op sy natuurlike manier want Kees het mos maar 'n streek gehad wat ons nie altyd van bewus was nie, al was hy mak gewees.

Hy was opgepas deur 'n troep wat permanent op Omuthiya was in sy NDP tyd. C Eskn se pakhuis was aan die agterkant van die KM langs die Wapenpakhuis. Verveelheid maak laat 'n mens soms kattekwaad aanvang, of ledigheid is die duiwel se oorkussing. 'n Betrokke dag het S/Sers Jan Lourens 'n ratpak geneem, alles uitgehaal en toe 'n groot skerpioen daarin geplaas en vir Attie gegee. Hy verskeur die ratpak en met eens gryp hy die skerpioen, gifangel af, skerpioen in die kies en wat 'n smaaklike lekkerny.

Die volgende ratpak het 'n rubberslang in. Mens, wat 'n gedoente, Attie gooi alles weg, spring in die boom

en blaf, bevuil die plek en maak dit nat asof dit lank gelede gereen het in die gebied. Hy was baie kwaad en verontwaardig en wou net almal byt. Toe die troepe gaan vir brunch het hy geweier om uit die boom te klim. 'n Paar dae later gee 'n eskadron troep vir hom 'n energiestafie, hy neem dit , haal die papier versigtig af en verslind dit. Dieselfde troep dink hy is baie intelligent, terg die bobbejaan en toe hy hom kon kry gryp die bobbejaan se kind sy boshoed van sy kop af in 'n japtrap is Kees die boom in met hoed en al! Ha ha ha, die hoed in twee tot drie stukke geskeur. Nou waar kry hy weer 'n boshoed ? So die eskadron sersant-majoor het hom uitgesorteer, glo ek.

Die RSM en ek doen basisinspeksie, toe ons by TPT se kantoor kom lê Kees Attie en slaap en hy is ook vasgemaak met 'n ketting aan 'n boom. Die RSM roep hom. Attie staan so lui- lui op en kom aangestap of die gebied aan hom behoort. Dit was ook so "I am the BOSS even if the RSM is near" in sy houding. Kees gaan sit, trek die ketting styf en dan skuif hy so 'n meter terug. Sersant-majoor H.G. Smit gee hom so 'n klap, dit was mis en hy gee pad nog so 'n entjie. Toe die RSM weer gebukkend nader kom was Attie reg vir hom, hy spring soos blits vorentoe en klap en gryp die RSM in sy gesig.

Die RSM retireer agtertoe met spoed en sê: "Gee my die 9 mm dat ek hom van die gras af maak! "
Ek keer op my beurt en met die kom Sersant Dennis Willows uit sy kantoor: "Los vir Attie hy gaan julle byt en seermaak, kom weg daar."
Wat is uit die les geleer – "Don't underestimate you enemy".

In die winter het hy saam met sy oppasser, kameraad, boesemvriend, vertroueling in sy eie slaapsak geslaap maar o wee, as dit snerpend koud was het hy in die nag agter sy rug in gaan kruip vir hitte en beskerming, Slim nê! Kees raak lui en wil nie opstaan wanneer die natuur roep nie. Dan dink hy hy staan by 'n krip en urineer in die bed. Die tyd as die diensbussie en voertuie van Tsumeb arriveer en Attie sit buite die tent vasgemaak aan 'n plaal weet jy: "Mmmmmm.....ja ja, hy het 'n glips gehad in die bed! Shame!"

Veterane Resepte

TOFFIE SE CHICKEN KORMA RESEP:

BESTANDELE

500G Hoender

1 Groot ui gekerf

3 Groot aartappels in blokkies gesny

1 Blikkie Chillie Boerie Relish

2/3 Lepels gehoopte kerrie poeier

50ml Swart asyn

3 Eetlepels suiker

500ml Room

Olyfolie

Botter



SHARE YOUR CREATIVE COOKING STORIES WITH US FROM YOUR ARMY DAYS

Nicole Dickson shared this post on Facebook of her husband cooking a roast en roete to Durban.

METODE

- -Braai helfde van uie met botter en bietjie olyfolie
- -Voeg Kerriepoeier, asyn en suiker by. Braai tot 'n pasta (voeg bietjie water by indien nodig)
- -Haal van hitte af en los om te koel.
- -In 'n ander groter pot, braai oorblywende uie tot glaserig en haal uit pot uit.
- -Sny hoender in blokkies en braai in olie en botter tot
- -Voeg gebraaide ui en kerrie mengsel met boerie relish by hoender.
- -Gooi koppie water by en kook vir 20 minute.
- -Voeg aartappels by en kook tot sag.
- -Gooi room in en prut op 'n lae hitte tot reg.





Operasie Modular Resepte (Tong in die Kies)

Rypgemaakte Beesvleis Snitte

Tydens Ops Modular 1987 het onse RSM mooi na Bravo Komp/ Tenkafweer gekyk. Ons het altyd meer gekry as die ander subeenhede. Samjoor Kobus Kemp was in 1986 die Komp samjoor van Bravo, en hy het sy lojaliteite teenoor ons onthou. As ons dan vars vleis kry, dan moet mens weet dit is lankal nie meer bevrore snitte nie, want die Puma het alreeds die bevrore snitte so 24 tot 36 uur terug afgelaai. So jy kry - jy braai – jy eet.

Op 'n esbit stofie kan jy dit nie doen nie! So jy maak 'n vinnige mopaniehoutvuur en gebruik die Ratel grids wat die staalplaatvloer van die bodem oppervlak skei. Die ideaal is natuurlik as daar 'n Buffel in die omtrek is, is om dié se enjingrids te gebruik, as jy die crew kon oorreed. En dan moes dit maar vining wees want die vyand wag nie vir jou nie. Of jy gebruik sommer die Ratel se skopgraaf. Jy brand hom eers skoon, want hy word ook gebruik om jou maagwerkings in 'n gaatjie te verberg. Dit was die SAW se metode om sy deel te doen om die vlieeë plaag te onderdruk.

Die vyand het 'n neus gehad vir die soort situasie. Vir dae lank weet jy nie van hulle nie, maar as daardie ou vars vleisie aankom, begin hulle met allerhande bewegings – so asof hulle weet. Miskien het hulle??

Nou hoe bewaar jy daai vleisie dan, of as daar te veel is, hoe bewaar jy dié? Uithang vir biltong die kan jy nie, want binne een minuut het 200 vlieë daarop toegesak, en binne 45 min begin daai snit uit die Wes Transvaalse vlakte lewe kry. As jy 'n plan kon beraam om die vlieë te stop, dan word jy gekonfronteer met die volgende probleem – STOF. 'n Meg Mag aan die beweeg skop baie stof op. So as jy dan daardie opsie kies, kan jy net sowel aan 'n stuk klip knbbel. Dieselfde smaak en effek!! Modder tussen jou tande. Niks lekker nie.

Maar as jy daai ou stukkie steak wil bewaar vir 'n volgende geleentheid, dan sit jy op hom. In 'n Ratel is jy mos maar saamgekoek soos sardyne in 'n blik. Jy sit waar jy sit, al duur die aanmars nou ook 10 uur. So af en toe staan jy bo by die Ratel luik uit, maar dan gaan sit jy weer.

DIE RESEP

Vat 'n Ratpack box se karton gedeelte en plaas dit rondom die steak.

Maak seker dit omvou alle dele.

Plaas dan die Ratpack plastiek daarom. Net liggies, want die doel is om jou broek te beskerm van die bloederige kol op daardie strategiese plek wat jou eie is. Want plastiek in Angola hitte laat daardie vleis sweet en dan raak dit slymerig en amper snotterig.

Dan sit jy maar daarop, tot die volgende rustige plek waar jy dan 'n vuurtjie kan aanslaan.

Afhangende van die tyd wat jy spandeer op daardie stukkie steak in die beweeg van die kolonne, hoe platter raak hy.

As hy nou mooi plat gesit is, en jy weet sy volgende fase is om te begin beweeg, dan weet jy dat jy prima ryp steak het. Net voor jy hom dan op die rooster gooi, so sakkie ratpack sout.

Die Spur kan nie daarop verbeter nie.

Naskrif: Ek het later gewonder oor die resep. Die winde in jou maag het ook mos maar nie 'n vaste patroon nie. As hy 'n wind wil uit, dan wil hy uit. Daardie poep wat jy los en dan jou buurman met veronywaardiging aankyk, en soos hy ongemaklik rondkyk, blameer julle beide die steak. Hou tog net hierdie resep buite bereik van die Spur.

Poepsteak klink nie vir my lekker nie?



61 Mech Veterans Online Shop



Order your 61 Mech Memorabilia

https://61-mech-veterans-online-shop.myshopify.com/?fbclid=IwAR0GahSTH9nQxItcYx2lrq_xDgEaA-301ixDNw98Hc-o2KcmZG5BTLiFaLp8









